VEERKRAGTIGHEID IN DIE ENKELOUER-TRANSRASGESIN

MARITA OOSTHUIZEN

Tesis ingelewer ter voldoening aan die vereistes vir die graad Magister in die Lettere en Sosiale Wetenskappe (Sielkunde) aan die Universiteit van Stellenbosch

Studieleier: Prof A. P. Greeff

Desember 2014

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

VERKLARING

Deur hierdie tesis elektronies in te lewer, verklaar ek dat die geheel van die werk hierin vervat, my eie, oorspronklike werk is, dat ek die outeursregeienaar daarvan is (behalwe tot die mate uitdruklik anders aangedui) en dat ek dit nie vantevore, in die geheel of gedeeltelik, ter verkryging van enige kwalifikasie aangebied het nie.

Datum: 20 November 2014

Kopiereg © 2014 Universiteit van Stellenbosch

Alle regte voorbehou

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

OPSOMMING

Gesinne met ʼn aangenome kind van ʼn ander ras as die ouer(s) word gekonfronteer met alle normale gesinskrisisse, krisisse wat ontstaan weens die aanneming, sowel as uitdagings wat spesifiek aan ʼn transrasgesin gestel word. Indien die transrasgesin ʼn enkelouergesin is, kan daar verwag word dat verdere uitdagings aan hierdie gesin gestel sal word. Gevolglik het die vraag ontstaan watter gesinskenmerke en -patrone ʼn bydrae lewer tot gesinsaanpassing in krisissituasies in enkelouergesinne waar ʼn kind van ʼn ander ras as die ouer aangeneem is. Gevolglik was die navorsingsvraag in hierdie ondersoek: "Wat is veerkragtigheidskenmerke van enkelouer-transrasgesinne?" Die sterkteperspektief het as uitgangspunt vir hierdie studie gedien en die teorieë van Walsh (2003) en McCubbin en McCubbin (1996) is as teoretiese grondslag benut. ʼn Eksploratiewe navorsingsontwerp is gebruik om die navorsingsvraag te ondersoek. Data is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel en konvensionele inhoudsontleding is gedoen om ingesamelde data met behulp van die Atlas.ti-rekenaarprogram te ontleed. Onderhoude is met ses wit vroue wat ʼn kind of kinders van ʼn ander ras as hulself aangeneem het, gevoer. Hierdie vroue is almal enkelouers en woonagtig in die Wes-Kaap, Suid-Afrika. Tydens die ondersoek het die ouderdomme van die transrasaangenome kinders gewissel tussen drie en 10 jaar. ʼn Biografiese vraelys en ʼn diepgaande onderhoud met elke deelnemer is gebruik om data in te samel. Daar is bevind dat ʼn belangrike veerkragtigheidsfaktor in die transrasaangenome gesin is om die transrasaangenome kind toe te rus met vaardighede om potensiële krisisse rakende sy/haar transrasaangenome status effektief te hanteer. Die effektiewe voorbereiding van die moeder voor aanneming, sosiale kontak en die ondersteuning van die uitgebreide familie is ook as belangrike veerkragtigheidsfaktore in die transrasgesin geïdentifiseer. Spesifieke gesinspatrone, openlikheid oor die aanneming en die benutting van eksterne hulpbronne help ook die transrasgesin om krisissituasies effektief te hanteer. Hierdie inligting is ʼn belangrike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hulpbron vir potensiële aanneemouers ten einde hulle effektief voor te berei vir die aanneming van ’n kind van ’n ander ras as hulself. Die resultate van hierdie studie verskaf ook belangrike inligting aan die ondersteuningspartye (byvoorbeeld die maatskaplike werker) wat betrokke is by transrasaanneming in Suid-Afrika.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

SUMMARY

Families with a transracially adopted child are confronted with normal family crises, crises due to the adoption as well as challenges specific to a transracial family. When this transracial family is a single-parent family, it could be assumed that the challenges the family faces will be even more. Consequently, the need developed to investigate characteristics and family patterns which contribute to family adaptation in crises in the single-parent family where a child from a different race than the parent has been adopted. The research question in this study was: "What are resilience factors in single-parent transracial families?" The strength perspective formed the basis of this study and the theories of Walsh (2003) and McCubbin and McCubbin (1996) provided the theoretical grounding. An explorative research design was used to address the research question. Data were collected by means of semi-structured interviews and conventional content analysis was performed to analyse the data by using the Atlas.ti. computer program. Interviews were conducted with six white women who adopted a child or children from a different race than themselves. These women were all single parents living in the Western Cape, South Africa. At the time of the study, the ages of these transracially adopted children ranged from three to 10 years. A biographical questionnaire and an in-depth interview with each participant were used to collect the data. The results indicated that an important resilience factor in the transracially adopted family is equipping the adopted child with specific skills to cope with crises that may result due to his/her unique situation. Effective preparation of the adoptive mother before adoption, social contact and the support of the extended family were also found to be important resilience factors. Family routines, openness about the adoption and the utilisation of external resources were identified as important sources of resilience for the single-parent transracial family. The results of this study provide important information to the potential transracially adopting parent to prepare him/herself for transracial adoption. The results of this study also provide

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

important information to everyone involved in transracial adoption (for example the social worker) in South-Africa.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ERKENNINGS EN DANKBETUIGINGS

Baie dankie aan my studieleier, Awie Greeff, vir baie ure se gesprekke gevul met raat, empatie en motivering.

Baie dankie aan Martin wat hierdie geleentheid vir my moontlik gemaak het.

Baie dankie aan Martin, Rudolph en Karo vir baie opofferings.

Baie dankie aan God vir hierdie geleentheid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

INHOUDSOPGAWE

VERKLARING ii

OPSOMMING iii

SUMMARY v

ERKENNINGS EN DANKBETUIGINGS vii

INHOUDSOPGAWE viii

LYS FIGURE xiii

HOOFSTUK 1: INLEIDING, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK 1

1.1 Inleiding 1

1.2 Motivering vir die ondersoek 2

1.3 Navorsingsvraag en doelstellings 3

1.4 Definisies van konsepte en konstrukte 3

1.5 Uiteensetting van hierdie tesis 4

1.6 Samevatting 5

HOOFSTUK 2:TEORETIESE GRONDSLAG. 6

2.1 Inleiding 6

2.2 Positiewe sielkunde 6

2.3 Gesinsveerkragtigheidsperspektief 7

2.4 Gesinsveerkragtigheidsteorieë 7

2.4.1 McCubbin en McCubbin se gesinsveerkragtigheidsteorie 7

2.4.2 Walsh se gesinsveerkragtigheidsraamwerk 11

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

2.4.2.1 Geloofsisteme 12

2.4.2.2 Organisasiepatrone 13

2.4.2.3 Kommunikasie en probleemoplossing 14

2.4.3 Raakpunte en verskille tussen McCubbin en McCubbin se gesinsveerkragtigheidsmodel en Walsh se veerkragtigheidsraamwerk 15

2.5 Samevatting 16

HOOFSTUK 3: LITERATUUROORSIG. 17

3.1 Inleiding 17

3.2 Transrasaanneming in Suid-Afrika 17

3.3 Identiteitsvorming by die transrasaangenome kind 22

3.4 Die rede vir transrasaanneming 25

3.5 Hulpbronne vir die ouer met 'n transrasaangenome kind 26

3.6 Samevatting 27

HOOFSTUK 4: METODE VAN ONDERSOEK. 28

4.1 Inleiding 28

4.2 Navorsingsontwerp 28

4.3 Deelnemers 29

4.4 Data-insamelingstegniek 30

4.4.1 Biografiese vraelys 30

4.4.1 Semi-gestruktureerde onderhoude 31

4.5 Data-insamelingsprosedure 31

4.6 Data-ontleding 33

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.7 Selfrefleksie **36**

4.8 Vertrouenswaardigheid van hierdie studie **37**

4.8.1 Geloofwaardigheid 38

4.8.2 Oordraagbaarheid 38

4.8.3 Betroubaarheid 39

4.8.4 Bevestigingwaarde 39

4.9 Etiese aspekte **40**

4.10 Samevatting **41**

HOOFSTUK 5: RESULTATE EN BESPREKING. **42**

5.1 Inleiding **42**

5.2 Temas (families) **42**

5.2.1 Toerus van die aangenome kind 42

5.2.1.1 Blootstelling aan diversiteit 43

5.2.1.2 Blootstelling aan vaderfigure 44

5.2.1.3 Verbalisering van emosies 45

5.2.1.4 Bewustheid en begrip van velkleur 47

5.2.1.5 Begrip van apartheid 48

5.2.1.6 Aanleer van ’n swart taal 48

5.2.1.7 Hantering van rassisme 50

5.2.1.8 Blootstelling aan rolmodelle 51

5.2.2 Vestiging van gesinspatrone 51

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2.1 Oop kommunikasie tussen ouer en kind 52

5.2.2.2 Roetine 53

5.2.2.3 Huishoudelike hulp 54

5.2.2.4 Spiritualiteit 55

5.2.2.5 Gesinsrituele 56

5.2.2.6 Ouertyd 58

5.2.2.7 Humor 59

5.2.3 Om aanneming ’n realiteit te maak 59

5.2.3.1 Eerlike en respekvolle kommunikasie oor die biologiese ma 60

5.2.3.2 Eerlikheid 61

5.2.3.3 Openlikheid oor aanneming 62

5.2.4 Sosiale kontak en kontak met die uitgebreide familie 63

5.2.4.1 Kontak deur die kind met ander transrasaangenome kinders 63

5.2.4.2 Kontak deur die ouer met ander transrasaanneemouers 65

5.2.4.3 Kontak deur die aanneemouer met ander biologiese ouers 66

5.2.4.4 Sosiale aktiwiteite 67

5.2.4.5 Kontak met vriende 68

5.2.4.6 Uitgebreide familie 69

5.2.5 Benutting van eksterne hulpbronne 70

5.2.5.1 Finansiële hulp 70

5.2.5.2 Kontak met onderwysers 71

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.5.3 Ondersteuningsgroepe 72

5.2.5.4 Professionele hulp 73

5.2.5.5 Tegnologiese sosiale netwerke 75

5.2.6 Effektiewe voorbereiding voor aanneming 77

5.2.6.1 Voorbereiding van familie vir aanneming 77

5.2.6.2 Persoonlikheid van die ma 78

5.2.6.3 Voorbereiding van die ouer 80

5.2.6.4 Insameling van inligting oor aanneming 81

5.3 Samevatting 82

HOOFSTUK 6 : SAMEVATTING, TEKORTKOMINGE EN AANBEVELINGS 84

6.1 Inleiding 84

6.2 Samevatting van bevindinge 85

6.3 Tekortkominge van hierdie studie 88

6.4 Aanbevelings 88

VERWYSINGSLYS 90

Bylae 1 98

Bylae 2 99

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

LYS FIGURE

Figuur 1. Die aanpassingsfase van McCubbin en McCubbin se veerkragtigheidsmodel van gesinstres, verstelling en aanpassing.....10

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 1

INLEIDING, MOTIVERING VIR EN DOELSTELLINGS VAN DIE ONDERSOEK

1.1 Inleiding

Gesinne waarin daar 'n aangenome kind is, word gekonfronteer met alle "normale" gesinskrisisse terwyl hulle ook krisisse moet hanteer wat ontstaan weens die aanneming (Walsh, 2003). In 'n gesin waar 'n kind van 'n ander ras as dié van die ouer(s) aangeneem word, word die gesin boonop gekonfronteer met krisisse en uitdagings wat spesifiek aan 'n transrasgesin gestel word. Daar kan verwag word dat hierdie uitdagings groter sal wees indien die transrasgesin 'n enkelouergesin is. Die vraag ontstaan: Watter kenmerke het of watter bronne benut enkelouer-transrasgesinne om aan te pas by die eise wat aan hulle gestel word?

Zastrow (2004) beskryf die enkelouergesin as 'n tipe gesin wat ontstaan wanneer 'n ongetroude persoon 'n kind aanneem, een van die ouers in 'n gesin sterf, 'n ongetroude vrou geboorte gee aan 'n kind, of 'n getroude paar skei en een ouer verantwoordelikheid neem vir die versorging van die kind(ers). Hy noem dat hierdie tipe gesin wêreldwyd besig is om toe te neem. Volgens Walsh (2003) is enkelouergesinne 'n uitsonderlike heterogene groep en hoewel hierdie gesinsgroep met intense uitdagings gekonfronteer word, kan 'n stabiele gesinslewe geskep word wat gekenmerk word aan positiewe gesinskenmerke en -patrone.

Ouers in die transrasgesin het die moeilike taak om sowel kulturele as rasverskille tussen hulle en hul kind(ers) te erken en te respekteer terwyl daar terselfdertyd 'n gevoel by die kind geskep moet word dat hy/sy aan die huisgesin behoort (Attwell, 2004). In Suid-Afrika kan hierdie taak aan ouers in transrashuisgesinne groot uitdagings bied. In die onderhawige navorsing is daar gekyk na gesinskenmerke en gesinspatrone in Suid-Afrikaanse enkelouer-transrasgesinne wat bydra tot die oorkoming van uitdagings wat aan hulle gestel word. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bevindinge sal ’n belangrike bydrae lewer tot die bestaande literatuur oor kenmerke en gesinspatrone wat transrasgesinne in Suid-Afrika help om krisisse te oorkom.

1.2 Motivering vir die ondersoek

Alhoewel daar etlike navorsingsprojekte in Amerika en Engeland gedoen is oor verskeie aspekte van transrasaanneming (Rebelo, 2005), is daar min navorsing in Suid-Afrika gedoen oor die ervarings van gesinne in die transrashuisgesin. Caminsky (2006) het wel ’n studie in die Suid-Afrikaanse konteks uitgevoer en bevind dat moeders in die transrashuisgesin innerlike konflik kan ervaar wanneer waardesisteme uit hul kinderjare teenstrydig is met hul keuse om ’n kind van ’n ander ras aan te neem. In nog ’n Suid-Afrikaanse studie het Thomson (2006) bevind dat aangenome kinders in die transrashuisgesin in Suid-Afrika ongemaklik voel om kontak met hul biologiese ouers te maak as gevolg van die groot sosio-ekonomiese verskil tussen die lewenstyl in hul aangenome gesin en dié van hul biologiese ouers. Thomson het ook bevind dat die aanneemouers ’n baie groot rol speel om die vaardigheid by hul transrasaangenome kinders te kweek om rassisme teenoor hulle te hanteer.

As gevolg van die politieke verlede van Suid-Afrika, wat gekenmerk word aan rassediskriminasie, kan daar nie aanvaar word dat die ervarings van ouers in Suid-Afrikaanse gesinne noodwendig ooreen sal stem met ervarings van ouers in ander lande nie (Ferreira, 2009). Daar kan dus verwag word dat die transrasgesin in Suid-Afrika unieke krisissituasies sal beleef. Op grond van die spesifieke politieke verlede in Suid-Afrika en gebrekkige navorsing oor gesinsdinamika van transrasgesinne in Suid-Afrika, is die doel van die onderhawige studie om gesinskenmerke en -patrone te identifiseer en te beskryf wat bydra tot die aanpassing van hierdie gesinne.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

1.3 Navorsingsvraag en doelstellings

Die navorsingsvraag in hierdie ondersoek is: *Wat is veerkragtigheidskenmerke van die enkelouer-transrasgesin?* Antwoorde op hierdie vraag bied die geleentheid om insig te verkry in gesinskenmerke en -patrone wat bydra tot die gesin se aanpassingsvermoë in krisissituasies waar ʼn kind van ʼn ander ras as die ouer aangeneem is. Die primêre doel van hierdie studie was om veranderlikes te identifiseer en te beskryf wat huidige aanneemouers in enkelouer-transrasgesinne beskou as belangrike faktore wat bydra tot die aanpassing van hul gesinne. Die sekondêre doel van die studie was om aanbevelings te maak vir die voorbereiding van potensiële ouers wat dit oorweeg om ʼn kind van ʼn ander ras as hulself aan te neem. Op grond hiervan kan die studie die volgende bydraes lewer:

1. Inligting kan aan voornemende ouers verskaf word ten einde hulle beter voor te berei op ouerskap van ʼn kind van ʼn ander ras as hulself.
2. Inligting kan aan die breër publiek verskaf word om aan potensiële aanneemouers die moontlikheid van transrasaanneming voor te stel. Sodoende kan daar moontlik ʼn mate van verligting aan die groot aantal hawelose kinders in Suid-Afrika gebied word.
3. Inligting kan verskaf word aan ondersteuningspartye (byvoorbeeld maatskaplike werkers) wat betrokke is by die aannemingsproses om hulle te help om meer spesifieke inligting aan (potensiële) aanneemouers te verskaf.

1.4 Definisies van konsepte en konstrukte

Ten einde duidelikheid tydens die lees van die tesis te verseker, word definisies van konsepte en konstrukte vervolgens gegee wat in hierdie tesis gebruik word:

- Ras: ʼn Groep mense wat dieselfde kultuur, geskiedenis, taal en spesifieke fisiese eienskappe deel (Hall, 2002).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

- Enkelouergesin: ’n Gesin wat net uit een ouer, vir die doel van hierdie studie die moeder, en ’n kind of kinders bestaan (Ryan & Claessens, 2013).
- Transrasgesin: ’n Gesin waar die ras van die aangenome kind verskil van dié van die ouer(s) (Baden & Steward, 2007).
- Veerkragtigheid: Die vermoë van die gesin om krisisse te oorkom deur die benutting van persoonlike eienskappe en interne en eksterne gesinshulpbronne, sodat individue en die gesinseenheid kan ontwikkel (Condly, 2006).
- Om aanneming ’n realiteit te maak: Die proses waartydens die aanneming van die kind ten alle tye eerlik en openlik in die gesin gekommunikeer en hanteer word (Steinberg & Hall, 2000).
- Ondersoekend: Die lewensbenadering om probleemsituasies of lewensvraagstukke spontaan en deeglik te ondersoek deur van eksterne hulpbronne (byvoorbeeld elektroniese media) gebruik te maak.
- Eksterne hulpbronne: Bystand aan die gesin wat van buite die gesin op ’n praktiese manier verkry en benut word.
- Uitgebreide familie: Die onmiddellike familie van die moeder wat ’n beduidende rol speel in die alledaagse lewe van die gesin (Steinberg & Hall, 2000).

1.5 Uiteensetting van hierdie tesis

Hoofstuk 1 bied ’n inleiding tot die studie en ’n beskrywing van die kwessie wat in hierdie studie ondersoek is. Die motivering vir en doelstelling van die studie word ook bespreek, waarna definisies vir belangrike konstrukte en konsepte gegee word.

Hoofstuk 2 bied die paradigma en die teoretiese raamwerk wat as vertrekpunt en grondslag vir hierdie studie dien. Daar word ook gekyk na ander teoretiese raamwerke wat betrekking het op die navorsingsvraag.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hoofstuk 3 bied ’n uiteensetting van die bestaande literatuur wat betrekking het op die onderhawige studie. Daar word gekyk na navorsing wat meer lig kan werp op die navorsingsvraag en diepgaande inligting word verskaf rakende soortgelyke navorsingsprojekte.

In hoofstuk 4 word die metode van ondersoek wat in hierdie studie gevolg is, aangebied. Data-insameling en data-ontleding gedurende die navorsing word breedvoerig bespreek. Daar word ook aandag gegee aan die etiese oorwegings wat in ag geneem is in hierdie navorsing, waarna die navorser se self-refleksie gegee word en die geldigheid van die studie bespreek word.

Resultate van die navorsingsprojek word in hoofstuk 5 aangebied. Die kwalitatiewe bevindinge word deur middel van aanhalings uit die onderhoude geïllustreer.

In hoofstuk 6 word die resultate bespreek. Daarna word daar tot ’n algemene gevolgtrekking gekom en die sterkpunte en leemtes van die studie word uitgewys. Laastens word aanbevelings vir toekomstige navorsing gemaak.

1.6 Samevatting

In hierdie hoofstuk is ’n inleiding tot die studie gegee. Dit het ’n algemene oorsig van die onderwerp gebied en die navorsingsvraag en die motivering en doelstellings van die navorsing is gestel. Definisies van relevante konsepte en konstrukte is gegee, waarna ’n uitleg van die tesis aangebied is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 2

TEORETIESE GRONDSLAG

2.1 Inleiding

In die verlede het gesinsnavorsers en -praktisyns grootliks gekonsentreer op die negatiewe effek wat ŉ krisis op die gesin en die individue in ŉ gesin kon hê. In die 1990's het daar egter ŉ paradigmaskuif in die studieveld plaasgevind deurdat groter klem geplaas is op die eienskappe van die gesin en die individue wat aanleiding gee tot die vermoë om ŉ krisis te deurleef en sterker en meer effektief te funksioneer (Greeff, 2011). Hierdie sogenaamde positiewe sielkunde-paradigma dien as uitgangspunt vir hierdie studie waar daar gekyk word na veerkragtigheidsfaktore van die transrasgesin.

2.2 Positiewe sielkunde

In 1998 inisieer Martin Seligman ŉ nuwe beweging in die sielkunde waar daar gefokus word op sowel die individu se positiewe en aanpasbare gedrag as die kreatiewe en emosioneel vervullende elemente van menslike gedrag. Hierdie beweging het vinnig veld gewen en staan vandag bekend as die "positiewe sielkunde" waarin daar gefokus word op positiewe gedrag, wetenskaplike navorsing en die soeke na parameters van en voorspellers vir ŉ sinvolle lewe (Seligman, Steen, Park, & Peterson, 2005). Die "goeie lewe" (*good life*) is ŉ sentrale tema in hierdie studieveld en fokus op ŉ gevoel van welstand, tevredenheid en selfvoldoening by die mens (Compton, 2005).

Gable en Haidt (2005) beskryf die drie pilare wat positiewe sielkunde anker as positiewe subjektiewe ervarings, positiewe individuele karaktereienskappe en positiewe instellings en gemeenskappe. Om insig te verkry in die faktore wat menslike emosionele sterkte bou, die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

konteks van veerkragtigheid te beskryf, die rol van positiewe ervarings te bepaal en die belang van positiewe verhoudings met andere uit te beeld, word as die taak van die positiewe sielkunde beskou (Gable & Haidt, 2005). ʼn Belangrike doelwit is om insig te verkry in mense se vaardigheid om na ʼn verandering of ʼn krisis aan te pas en selfs positiewe emosionele ontwikkeling te toon. Die gesinsveerkragtigheidsperspektief is dus ʼn direkte uitvloeisel van die positiewe sielkunde en dien as spesifieke teoretiese basis vir hierdie studie.

2.3 Gesinsveerkragtigheidsperspektief

Volgens die gesinsveerkragtigheidsperspektief word ʼn krisis beskou as ʼn uitdaging vir die gesin waar die gesin as geheel en die individuele gesinslede die geleentheid gebied word om te ontwikkel en te groei (Walsh, 2002). Kalil (2003) beskryf gesinsveerkragtigheid as ʼn dinamiese proses wat positiewe aanpassing teweeg bring in ʼn konteks waar die gesin voor uitdagings en krisisse te staan kom. Walsh (2003) lê ook klem daarop dat ʼn veerkragtige gesin die vermoë het om sterker individue te bou en hegter gesinsbande na die krisis te openbaar. Veerkragtigheidsgeoriënteerde sielkundige praktyke kan gesinne dus bemagtig met hoop, nuwe en hernude vaardighede en versterkte gesinsbande (Walsh, 2003). Vervolgens word twee belangrike gesinsveerkragtigheidsteorieë bespreek.

2.4 Gesinsveerkragtigheidsteorieë

2.4.1 McCubbin en McCubbin se gesinsveerkragtigheidsteorie

ʼn Teoretiese model met die fases gesinstres, verstelling en aanpassing is deur McCubbin en McCubbin (1996) geformuleer (voortaan na verwys as die “veerkragtigheidsmodel”) wat gebruik kan word om gesinsveerkragtigheid te verstaan en te verduidelik. Die teorie het ontwikkel uit pogings om die prosesse en gesinskenmerke te identifiseer wat die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deursettingsvermoë, hanteringsstrategieë en oorlewing van gesinne na ’n krisis bemoontlik (McCubbin, McCubbin, & Thompson, 1993).

McCubbin en McCubbin (1996) beskou gesinsveerkragtigheid as ’n dinamiese proses waarin die funksionering van die gesin na ’n krisis beïnvloed word deur individuele, gesins- en gemeenskapsprosesse. In die veerkragtigheidsmodel (McCubbin & McCubbin, 1996) bestaan daar vyf onderliggende aannames:

- Uitdagings en dramatiese veranderinge, soms selfs voorspelbaar, is deel van alle gesinne se lewenssiklus.
- Alle gesinne neig om die vermoë te ontwikkel om hulself te beskerm in tye van groot ontwrigting deur te fokus op die groei en ontwikkeling van individuele gesinslede en die gesin as geheel.
- Die gesin is in staat om te steun op hul unieke vaardighede en inherente sterktes om na ’n krisis te herstel.
- Gesinne wend hulself spontaan tot ondersteuningsnetwerke in hul gemeenskap wanneer hulle ’n krisis ervaar.
- Gesinslede werk spontaan saam te midde van verandering wat veroorsaak word deur ’n krisis, ten einde balans, harmonie en orde in plek te stel.

Volgens McCubbin en McCubbin (1996) is daar twee prosesse wat plaasvind om gesinsveerkragtigheid te bewerkstellig, naamlik verstelling en aanpassing. Verstelling vind plaas wanneer die gesin wysigings in hul gedragspatrone maak ten einde aan te pas by verandering vanweë ’n krisis. Hierdie aanpassingspogings kan welaanpassing of wanaanpassing tot gevolg hê. Welaanpassing verskaf aan die gesin harmonie en balans, terwyl wanaanpassing ’n verdere krisissituasie vir die gesin veroorsaak. Dit is wanneer hulle besef dat die manier waarop hulle die probleem hanteer het, nie suksesvol was nie en dat

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

nuwe patrone in werking gestel moet word. ’n Aanpassingsproses volg dan waar die gesin besef dat sistematiese verandering nodig is omdat slegs ’n verstelling onvoldoende is ten einde stabiliteit in die gesin te bewerkstellig. Na die krisis word die gesin dus gedwing om hul oorspronklike krisishanteringsstrategieë te heroorweeg en om nuwe, meer effektiewe maniere te vind om uitdagings te bowe te kom.

Die aanpassingsfase van gesinsveerkragtigheid vereis dus pogings deur die gesin om hul omgewing te verander en om hul verhoudings met die wyer gemeenskap op só ’n wyse te wysig dat dit voordelig is vir die gesin se harmonie, welstand en balans. McCubbin en McCubbin (1996) se teorie oor gesinsveerkragtigheid verwys na die volgende domeine van funksionering:

- Interpersoonlike verhoudings tussen die gesinslede.
- Die gesinstipe, die gesin se vlak van weerloosheid en hul styl van probleemoplossing.
- Die gesin se ontwikkeling, welstand en spiritualiteit.
- Die gesin se gemeenskapsbetrokkenheid en hul kontak met die natuur.

Binne hierdie vier domeine kom bronne voor wat die gesin kan help om weerstand te bied en krisisse beter te hanteer. Hierdie bronne bevorder gesinsveerkragtigheid en verhoog die gesin se vermoë om ’n suksesvolle verstelling of aanpassing tydens ’n krisissituasie te maak. Sodanige bronne sluit in sosiale steun en kohesie, buigsaamheid, effektiewe kommunikasie, tradisies, vieringe, roetines, gedeelde oortuigings, ekonomiese stabiliteit, gehardheid en organisasie in die gesin (McCubbin & McCubbin, 1996). Die aanpassingsfase in McCubbin en McCubbin (1996) se veerkragtigheidsmodel word diagrammaties in Figuur 1 voorgestel, waarin hierdie bronne uitgebeeld word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za



Figuur 1. Die aanpassingsfase van McCubbin en McCubbin se veerkragtigheidsmodel van gesinstres, verstelling en aanpassing (McCubbin & McCubbin, soos aangehaal in Brown-Baatjies, Fouché, & Greeff, 2008).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

McCubbin en McCubbin se veerkragtigheidsmodel bied ’n uitgebreide teoretiese raamwerk van gesinsveerkragtigheid en kan dus dien as basis vir navorsing oor hierdie onderwerp (Brown-Baatjies, soos aangehaal in Fouché & Greeff, 2008). In hierdie tesis word daar gekyk na waar bronne van weerstand en herstel ingetree het by enkele Suid-Afrikaanse enkelouergesinne waar ’n kind van ’n ander ras as die ma aangeneem is.

2.4.2 Walsh se gesinsveerkragtigheidsraamwerk

Walsh (2003) se gesinsveerkragtigheidsraamwerk is gegrond op haar oortuiging dat gesinne wat veerkragtigheid toon, die potensiaal het om te herstel en te ontwikkel gedurende en na ’n krisissituasie. Gesinne wat nie veerkragtig is nie, toon emosies van verontregting en verwyt na ’n krisis, terwyl veerkragtige gesinne nuwe insig en vermoëns toon en selfs krisisse as geleenthede vir groei beskou (Compton, 2005).

Walsh (2003) se veerkragtigheidsraamwerk kombineer aspekte van die ekologiese en ontwikkelingsperspektief in die Sielkunde. Vanuit ’n ekologiese perspektief word daar gekyk na die gesin se funksionering in verhouding tot hul breë sosiokulturele konteks terwyl daar vanuit ’n ontwikkelingsperspektief gekyk word na die gesin se funksionering deur siklusse van verskillende generasies van die gesin.

Volgens Walsh (2003) fokus ’n ekologiese perspektief op elke gesin se unieke lewensbeskouing, hulpbronne en uitdagings. Gesinstressors kan ontstaan as gevolg van biologiese oorsake, byvoorbeeld ’n siekte in die gesin, of as gevolg van sosiokulturele faktore, soos diskriminasie of armoede (Walsh, 2003).

Binne ’n ontwikkelingsperspektief word die gesin met verloop van tyd bestudeer en daar word gekyk na hoe die gesin as ’n eenheid verskillende fases beleef (Walsh, 2002). Krisisse in die gesin gaan gewoonlik gepaard met ’n aanloop voor die krisis en ’n aanpassingstyd na die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

krisis, waartydens daar ook uitdagings aan die gesin gestel word. ’n Egskeiding gaan byvoorbeeld gepaard met die voorafgaande konflik tussen die ouers, die spanning van die egskeiding en die aanpassing vir elke gesinslid na die egskeiding. Elkeen van hierdie fases bied sy eie spektrum van krisisse vir elke gesinslid. Die opbou van stressors wat met hierdie fases gepaard gaan, kan ook groot uitdagings aan alle gesinslede bied (Walsh, 2002).

Die gesin self gaan ook deur lewenssiklusse met verskillende fases wat groot uitdagings aan gesinslede kan bied, byvoorbeeld die geboorte van ’n kind, ’n adolessent in die gesin, of as ’n lid van die gesin onverwags siek word. Stressors kan ook toeneem in intensiteit as gevolg van gebeure in die verlede, wat ’n huidige stressor moeiliker maak om te verwerk. Herinneringe aan stressors wat in die verlede ’n rol gespeel het, kan dit ook byvoorbeeld vir ’n spesifieke gesinslid baie moeilik maak om ’n spesifieke huidige stressor te hanteer. Verder kan een gesinslid se reaksie ’n negatiewe uitwerking op die hele gesin hê (Walsh, 2002).

Gegee die komplekse wisselwerking tussen fases, gebeure en stressors word Walsh (2003) se veerkragtigheidsraamwerk vervolgens aan die hand van drie veerkragtigheidsdomeine bespreek, naamlik geloofsisteme, organisasiepatrone en kommunikasie en probleemoplossing.

2.4.2.1 Geloofsisteme

Transendensie en spiritualiteit speel ’n belangrike rol in veerkragtige gesinne se lewens en hierdie gesinne heg ’n hoë waarde aan die doel en sin van die lewe. Helende rituele word dikwels uitgevoer, die ondersteuning van medegelowiges speel ’n belangrike rol in hul lewens en inspirasie word dikwels buite die gestruktureerde geloofsisteem gesoek, byvoorbeeld in die natuur, musiek of ’n hoër mag (Walsh, 2003).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

By die veerkragtige gesin word ’n versterking in geloofsisteme waargeneem: Hulle handhaaf spesifieke geloofsisteme wat bydra tot hul vermoë om veerkragtigheid na vore te bring in ’n krisissituasie (Walsh, 2003).

Die gevoelens en dilemmas wat hierdie gesinne tydens ’n krisis ervaar, word as normale lewenservarings in die gesinslewenssiklus beskou en die veerkragtige gesin ervaar hul lewenskrisisse as uitdagings wat betekenisvol, hanteerbaar en sinvol is. Hierdie gesinne probeer alles in hul vermoë doen om insig in die krisis te verkry en na die feite van die krisis te kyk ten einde die omvang en oorsaak van die krisis te verstaan. Hulle beskou stressors as uitdagings aan die gesin as ’n éénheid, wat individuele ontwikkeling van gesinslede tot gevolg sal hê deur die samewerking van álle gesinslede. (Walsh, 2003).

’n Positiewe lewensuitkyk word dus by veerkragtige gesinne aangetref. Krisisse word hoopvol, positief en vol vertroue dat die krisis oorkom sal word, benader. ’n Moedige en bemoedigende benadering word deur hierdie gesinne gevolg en hulle fokus op hul potensiaal tot oorlewing, openbaar inisiatief en deursettingsvermoë, aanvaar onveranderlike gegewens en fokus op dit wat hulle wel kan verander (Walsh, 2003).

2.4.2.2 Organisasiepatrone

Die veerkragtige gesin word gekenmerk deur gevestigde organisasiepatrone. Stabiliteit word tydens krisisse by veerkragtige gesinne waargeneem en daar is bevind dat hulle oor die vermoë beskik om take te voltooi. Buigsaamheid is egter ook ’n belangrike eienskap van hierdie gesinne en hulle is gewoonlik ontvanklik vir verandering en beskik oor die vermoë om te herorganiseer, terug te keer na normaliteit na ’n krisis en aan te pas by verandering (Walsh, 2003).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Sterk outoritêre leierskap word deurgaans in veerkragtige gesinne waargeneem en ouers bied leiding, beskerming en vertroeteling. Samewerkende ouerskap en versorging kom voor en ouers in die veerkragtige gesin werk op gelyke vlak saam (Walsh, 2003).

Hegte gesinsbande is ook ’n kenmerk van veerkragtige gesinne en wederkerige ondersteuning, samewerking en betrokkenheid word by die gesinslede waargeneem. Gesinslede van die veerkragtige gesin respekteer mekaar se behoeftes, verskille en grense. Verbrokkeling in verhoudings word aangespreek sodat hereniging bewerkstellig kan word (Walsh, 2003).

Die veerkragtige gesin maak verder gebruik van sosiale en ekonomiese hulpbronne en die mobilisering van familie, sosiale en gemeenskapsnetwerke vind plaas ten einde rolmodelle en mentors vir alle gesinslede te vind. Finansiële sekuriteit word verkry en daar word deur die veerkragtige gesin gepoog om ’n balans tussen werk en die gesin te handhaaf (Walsh, 2003).

2.4.2.3 Kommunikasie en probleemoplossing

Openlikheid en eerlikheid is belangrike eienskappe wat by die veerkragtige gesin waargeneem word. Duidelike en konsekwente boodskappe word deur woorde en handelinge oorgedra, eerlike uitdrukking van emosies vind plaas en gesinslede deel hul gevoelens met mekaar. Wedersydse empatie en geduld met medegesinslede en hul verskille word getoon en elke gesinslid neem verantwoordelikheid vir sy/haar eie gevoelens en gedrag en verwyt nie ander gesinslede nie. Die veerkragtige gesin se lede gebruik humor ten einde aangename en positiewe kommunikasie tussen gesinslede te bewerkstellig (Walsh, 2003).

Probleemoplossing vind in veerkragtige gesinne deur middel van samewerking plaas. Hulle vind kreatiewe oplossings vir probleme en neem saam besluite ten opsigte van hoe probleme benader moet word. Die veerkragtige gesin fokus op doelwitte tydens probleemoplossing,

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

leer uit hul mislukkings en bou op hul suksesse. Hierdie gesinne tree proaktief op ten einde probleme te voorkom en hulle voor te berei op moontlike uitdagings (Walsh, 2003).

2.4.3 Raakpunte en verskille tussen McCubbin en McCubbin se gesinsveerkragtigheidsmodel en Walsh se veerkragtigheidsraamwerk

McCubbin en McCubbin (1996) en Walsh (2003) se teorieë dien as hulpbronne om die funksionering van gesinne te ondersoek en te verstaan en dien dus as teoretiese grondslag vir hierdie studie. Die twee teorieë is gegrond in die positiewe sielkunde en fokus op sukses en die toekoms, eerder as mislukkings in die verlede. Daar word gefokus op die gesin se vermoë om as ʼn eenheid krisisse te deurleef en daarna as ʼn stabiele eenheid, harmonies te funksioneer. Albei hierdie teorieë neem ook die stadium van die gesin in die gesinslewenssiklus in ag en daar word gefokus op die identifisering van die gesin se sterkpunte eerder as op hul tekorte of gebreke.

Walsh (2003) plaas klem op die individuele gesinslede en die gesin as geheel se vermoë om te ontwikkel en versterk te word deur ʼn krisis. McCubbin en McCubbin (1996) sien ook die veerkragtigheidsproses as versterkend, alhoewel meer klem geplaas word op die aanpassing van die gesin en hul vermoë om effektief en harmonies te funksioneer na verstellings en aanpassings. Alhoewel McCubbin en McCubbin ook menseverhoudings en die sistemiese omgewing belangrik ag, plaas Walsh veel sterker klem op die belang van die sistemiese omgewing van die gesin en gesinsverhoudings. Nog ʼn verskil is dat McCubbin en McCubbin na die vorige vlak van gesinsfunksionering verwys, terwyl Walsh nie aandag skenk aan die gesin se funksionering voor ʼn krisis nie (Greeff, 2011).

Sowel Walsh (2003) se veerkragtigheidsraamwerk as McCubbin en McCubbin (1996) se veerkragtigheidsmodel maak voorsiening daarvoor om ʼn breë spektrum van gesinne in die samelewing te bestudeer en kan dus effektief toegepas word op Suid-Afrika se diverse

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

samelewing en gesinsvorme en daarom ook op enkelouergesinne waar ’n kind van ’n ander ras as die ouer aangeneem is.

2.5 Samevatting

Die sterkteperspektief dien as uitgangspunt vir hierdie studie waar daar gekyk word na veerkragtigheidsfaktore in gesinne waar ’n enkelouer ’n kind van ’n ander ras as syself aangeneem het. In hierdie hoofstuk is die positiewe sielkunde as grondslag vir die sterkteperspektief beskryf. McCubbin en McCubbin (1996) en Walsh (2003) se veerkragtigheidsteorieë is aangebied en daar is aandag geskenk aan die ooreenkomste en verskille tussen hierdie twee teorieë wat as grondslag vir hierdie navorsing gebruik word.

In hoofstuk 3 word bestaande literatuur aangebied wat soortgelyk is aan die onderhawige studie. Insig in hierdie literatuur het gehelp om die onderhawige studie te beplan en uit te voer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 3

LITERATUUROORSIG

3.1 Inleiding

Onvrugbaarheid by ’n potensiële ouer, emosionele of finansiële onvermoë tot ouerskap by die biologiese ouer(s) en die afsterwe van biologiese ouer(s) is algemene lewenskrisisse wat aanneming voorafgaan (Steinberg & Hall, 2000). Die gesin waar ’n kind van ’n ander ras as die ouer aangeneem word, word boonop aan veel meer uitdagings blootgestel as die gesin waar ’n kind van dieselfde ras as die ouer aangeneem word.

Omdat transrasaanneming ’n baie “eerlike” vorm van aanneming is, waar die aannemingstatus van die kind duidelik aan die samelewing getoon word deur die visuele verskille tussen die ouer en kind, word vele uitdagings aan die transrasgesin gebied om as ’n gesinseenheid deur die samelewing aanvaar te word (Steinberg & Hall, 2000). Perry (2010) bevind wel in sy studie dat daar ’n drastiese toename in positiwiteit teenoor transrasaanneming in Amerika voorkom en uit die literatuur blyk dit dat ouers wat reeds ’n kind aangeneem het van ’n ander ras as hulself en reeds dié pad van ouerskap geloop het, ’n positiewe ingesteldheid teenoor transrasaanneming het (Caminsky, 2006; Gishen, 1996). Dit is wel belangrik dat voornemende transrasaanneemouers daarop voorberei moet word om potensiële struikelblokke te oorkom en netelige kwessies te hanteer (Attwell, 2004) wat met hierdie tipe aanneming gepaard gaan.

3.2 Transrasaanneming in Suid-Afrika

Transrasaanneming is in Junie 1991 in Suid-Afrika gewettig (Attwell, 2004; Gishen, 1996).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

As gevolg van veral die groot aantal sterftes weens verworwe immuniteitsgebreksindroom (vigs) en swak sosio-ekonomiese omstandighede onder ’n groot deel van die samelewing, is daar ’n oormaat van weeskinders in Suid-Afrika. Volgens Rebelo (2004) is dié groot aantal weeskinders ’n probleem vir die staat. Tradisioneel was daar egter nie weeskinders in die swart Afrikakultuur nie aangesien die tradisie is dat gesinslede na weeskinders omsien (Roby & Shaw, 2006). Zaal (1994) beskou egter die toename in die verbrokkeling van swart en bruin gesinne weens geweld, die vigs-krisis, armoede en die sukkelende ekonomie as die rede vir die toename in die beskikbaarheid van swart en bruin babas vir aanneming.

Hierdie groot behoefte aan alternatiewe sorg vir dié kinders lei tot die toenemende voorkoms van transrasaanneming in Suid-Afrika (Rebelo, 2005): As gevolg van die gebrek aan wit kinders vir aanneming in Suid-Afrika (Szabo & Ritchken, 2002) en die groot aantal swart en bruin ouerlose kinders (Davel, 2007), word wit Suid-Afrikaners genoodsaak om transrasaanneming sterk te oorweeg. Attwell (2004) dui aan dat ’n tekort aan wit babas en onvrugbaarheid by wit ouers die grootste motiveerders is vir transrasaanneming in Suid-Afrika. Die aanneming van ’n anderskleurige baba deur wit ouers het dus die norm vir transrasaanneming in Suid-Afrika geraak (Szabo & Ritchken, 2002). ’n Poging tot distansiëring van rassediskriminasie wat in die verlede plaasgevind het, dien in sommige gevalle ook as motivering vir ouers om ’n kind van ’n ander ras as hulself aan te neem (Attwell, 2004).

Freeman en Nkomo (2006) het in hul navorsing oor die houdings van swart persone teenoor transrasaanneming in Suid-Afrika, bevind dat swart persone met ’n lae vlak van opvoeding egter negatief reageer teenoor die moontlikheid van potensiële aanneming van ’n swart kind deur wit ouers. Swart persone met sekondêre en tersiêre opleiding het egter meer positief gereageer op die moontlikheid van transrasaanneming. So ook het Moos en Mwaba (2007) in

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hul navorsing bevind dat swart derdejaarstudente aan ’n Suid-Afrikaanse universiteit positief is oor die moontlikheid van transrasaanneming.

Ferreira (2009) het vanuit ’n regsperspektief ’n omvattende literatuurstudie oor trasrasaanneming in Suid-Afrika gedoen. Die doel van haar studie was om te bepaal of interkulturele en interrasaanneming in die beste belang van die kind is. Ferreira beskou die belang van die kind as die belangrikste vraagstuk in enige situasie waar ’n kind betrokke is. Volgens haar bied aanneming aan die kind die geleentheid tot ouersorg asook die geleentheid om deel te vorm van ’n gesin. Sy beskou binding tussen die ouer en kind as ’n belangrike faktor en voel daarom dat die aanneming so vroeg as moontlik in die kind se lewenssiklus moet geskied. Ferreira tref ’n definitiewe onderskeid tussen ras en kultuur en voel dat ras nie ’n rol behoort te speel in die aanneming van ’n kind nie en dat kultuur nie belangriker geag moet word as enige ander faktor in die aannemingsproses nie. Ferreira kom tot die gevolgtrekking dat interrasaanneming van groter belang vir die kind is as geen aanneming nie. In ’n opvolgstudie noem sy ook dat die betrokkenheid van ’n goed opgeleide maatskaplike werker van uiterste belang is voor, tydens en na die aannemingsproses. Sy noem ook dat die biologiese ouer(s), die kind en die aanneemouer(s) deeglik voorberei moet word voor aanneming geskied (Ferreira, 2009; Samuels & LaRossa, 2009).

Caminsky (2006) het in ’n kwalitatiewe ondersoek vyf aanneemma’s betrek wat woonagtig was in Gauteng en kinders van ’n ander ras as hulself aangeneem het. Sy het bevind dat wanneer die uitgebreide familie van die aanneemma’s betrek word by die aanneemproses van die transraskind, die aanneemma’s nie konflik in hulself ervaar met betrekking tot die waardes en norme wat vasgelê is in haar kinderjare nie. Caminsky het ook bevind dat aanneemma’s wat ten volle oortuig is van hul eie identiteit met betrekking tot godsdiens en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

ras, ook nie konflik in hulself ervaar het met betrekking tot die ras van hul aangenome kind nie.

Attwell (2004) het in ’n soortgelyke studie as die onderhawige studie ’n kwalitatiewe ondersoek ingestel na die motivering vir transrasaanneming en die ervarings van gesinne in Suid-Afrika waar ’n kind van ’n ander ras as die ouer aangeneem is. Twee van die deelnemende gesinne was woonagtig in die Oos-Kaap en een in die Wes-Kaap. Die aangenome kinders was tussen een en drie jaar oud. In al drie gevalle was die man en vrou wettig getroud en was die aangenome kind van ’n ander ras as die ouers. Data is ingesamel deur diepgaande onderhoude met die ouers te voer – eers afsonderlik met elke ouer en daarna met die twee ouers saam. In hierdie onderhoude het Attwell gebruik gemaak van vry antwoordvrae (*open-ended questions*) om die ouers se mening oor ras-identiteit en die sosiale identiteitsvorming van hul transrasaangenome kind te bekom.

Attwell het in hierdie studie bevind die belangrikste motiverings vir hierdie gesinne om oor die rassegrens aan te neem, was onvrugbaarheid, die behoefte aan ouerskap, motivering deur Christelike beginsels, ’n gebrek aan wit babas en die geleentheid om aan ’n weeskind ’n sinvolle gesinslewe en ondersteuning te bied. Hy het verder bevind dat dit baie belangrik is dat ouers moet saamstem oor hul besluit om oor die rassegrens aan te neem. Die belangrikheid van oop en eerlike kommunikasie deur die ouers en kind is ook deur sy studie beklemtoon. Hy het verder bevind dat die ondersteuning van die ouerpaar se familie en vriende en die hulp en raad van die maatskaplike werker baie belangrik is. Die belangrikheid van die ondersteuning van die maatskaplike werker aan die ouers voor, tydens en na die aanneming is deurgaans beklemtoon.

Die ouers het deurgaans hul besorgdheid oor hul kinders se toekoms met betrekking tot identiteitsvorming uitgespreek.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rebello (2004) het in Suid-Afrika ’n kwalitatiewe ondersoek ingestel na die invloed van akkulturasie op die selfbeeld (fisiese, sosiale en sielkundige aspekte) van ses swart adolessente wat in transkulturele pleeg- en aangenome plasings was. Die deelnemers was tussen 12 en 20 jaar oud. Data is ingesamel met behulp van sowel semi-gestruktureerde onderhoude as gestalt-spelterapietegnieke. Die bevindinge van hierdie studie dui daarop dat swart adolessente in transkulturele sorg met ’n mate van begrip en kennis aangaande hul kulturele agtergrond, makliker daartoe in staat is om te begin met die proses van identifisering met hul eie etniese identiteit, wat die ontwikkeling van ’n positiewe selfbeeld tot gevolg het. Hierdie prosesse lei tot beter sielkundige en emosionele aanpassing wat gepaard gaan met ’n sterker vermoë om uitdagings in die lewe die hoof te bied. Daarteenoor vorm die ontwikkeling van ’n swak selfbeeld en die onvermoë om lewenskrisisse te oorkom, deel van die profiele van adolessente wat hul kultuur van oorsprong verwerp het (Rebello, 2004).

Gishen (1996) het bevind dat Suid-Afrikaanse ouers wat kinders van ’n ander ras as hulself aangeneem het, dit as ’n suksesvolle en positiewe stap in hul lewe beskou. Maatskaplike werkers sien ook transrasaanneming as ’n positiewe alternatief vir kinderlose, wit ouers, aangesien wit babas baie selde vir aanneming beskikbaar is. Gishen het ook bevind dat ouers en maatskaplike werkers die koestering van die aangenome kind se kultuur van oorsprong as ’n baie belangrike aktiwiteit beskou wat ’n definitiewe rol speel in die effektiewe aanpassing van die kind. Ouers het aangedui dat hulle besef dat die blootstelling aan die kind se biologiese kultuur hul (die aanneemouers se) verantwoordelikheid is en dat faktore soos gemengde skole en woonbuurte, rolmodelle van dieselfde ras as die kind en sosialisering met verskillende rasgroepe ’n baie belangrike rol speel in die aanpassing van hul transrasaangenome kind. Die belangrikheid van goed opgeleide maatskaplikewerkers en aannemingsagentskappe is ook deur Gishen (1996) se navorsing bevestig.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.3 Identiteitsvorming by die transrasaangenome kind

Jong kinders wat deur ouers met ’n ander velkleur as hulself aangeneem is, se vertellinge van hul ervarings as aangenome kinders fokus gewoonlik op die fisieke verskil tussen hulself en hul ouers (Grice, 2005). Grice (2005) se navorsing bevestig resultate wat in 2000 deur navorsers in New York verkry is dat kinders reeds op ’n baie jong ouderdom fisieke verskille tussen hulle en hul ouers waarneem (Friedlander, Larney, Skau, Hotaling, Cutting, & Schwam, 2000). Volgens Friedlander et al. (2000) sien die kinders die verskil in fisieke voorkoms tussen hulle en hul ouers as ’n teken dat hulle aangeneem is. Navorsing wat in Nederland gedoen is, toon dat sowat 50% van alle kinders wie se velkleur van dié van hul ouers s’n verskil, reeds op vyfjarige ouderdom die wens uitspreek om dieselfde velkleur as hul ouers te hê (Juffer & Tieman, 2009).

Die grootste uitdaging wat aan die aanneemouer gestel word, is dus om die transrasaangenome kind te help om sy/haar eie identiteit te vorm (Quintana, 2007). Die vorming van ’n persoonlike identiteit is ’n lewenslange proses, maar daar is wel ’n duidelike toename in die kind se soeke na identiteit tydens middelskooljare en die oorgangsfase na hoërskool (Wait, Meyer, & Loxton, 2005). Die aktiewe deelname deur die ouers en kind in sosialiseringsaktiwiteite in die aangenome kind se oorspronklike kultuuromgewing, het volgens Lee, Grotevant, Hellerstedt, Gunner en The Minnesota International Adoption Project Team (2006) ’n direkte positiewe effek op die identiteitsvorming van die aangenome kind in die transrasgesin. Positiewe rolmodelle van dieselfde ras as die aangenome kind en gereelde kontak met kinders van dieselfde ras as die aangenome kind, maak ’n definitiewe positiewe bydrae tot die ontwikkeling van ’n positiewe selfbeeld by daardie kind (Friedlander, 1999).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Dolan (2012) het in haar studie wat sy in Verenigde State van Amerika (VSA) gedoen het, bevind dat jonger kinders baie meer gewillig is om sensitiewe onderwerpe openlik met hul ouers te bespreek. Dit is dus baie belangrik dat die aanneemouer voor die aanbreek van adolessensie alle moontlike netelige kwessies rondom transrasaanneming openlik met die kind bespreek. Dolan beklemtoon ook die belangrikheid daarvan dat aanneemouers hul transrasaangenome kind effektief moet voorberei om rassisme te hanteer. Aangesien daar ’n baie sterk verband tussen die ervaring van spanning en rassediskriminasie by die transrasaangenome kind bestaan, ervaar kinders van ouers wat baie moeite doen met die ontdekking van sy/haar transrasaangenome kind se biologiese kultuur, ’n veel laer spanningsvlak in sodanige situasies (Leigh, Smith, & Hrapczynski, 2013).

Volgens Vonk (2001) se teorie oor identiteitsvorming by die transrasaangenome kind, is daar drie belangrike aspekte wat positiewe identiteitsvorming by die aangenome kind bewerkstellig. Eerstens is rasbewustheid by die aanneemouer en die ouer se totale oortuiging oor sy/haar eie ingesteldheid teenoor verskillende rasse baie belangrik. Tweedens moet multikulturele beplanning deur die voorgenome aanneemouer gedoen word ten einde te verseker dat die transrasaangenome kind blootstelling aan sy/haar geboortekultuur kry. Laastens moet die voorgenome aanneemouer sterk oorweging skenk aan die oorlewingstegnieke wat hy/sy die transrasaangenome kind gaan aanleer ten einde hom/haar voor te berei vir moontlike rassisme in die toekoms. Vonk (2001) beskou die ouer se kennis van sy/haar eie waardes en norme as ’n beginpunt vir die ouer alvorens voorafgaande doelwitte bereik kan word.

Berbery (2010) het ’n studie uitgevoer oor die elemente van transrasaanneemouers se gedrag wat positiewe interras-sosialisering saam met hul transrasaangenome kinders effektief kan voorspel. Hierin het sy die belangrikheid daarvan beklemtoon dat die transrasaangenome kind

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

met mense van sy/haar ras en kultuur van oorsprong moet sosialiseer. Ras en kultuur is twee onderskeibare konsepte. Volgens Berbery (2010) kan kultuur beskryf word as die taal, kos en tradisies van die biologiese voorgeslagte van die kind, terwyl ras die fisiologiese eienskappe van ’n individu beskryf. Beide kulturele en rassesosialisering is baie belangrik vir die ontwikkeling van ’n positiewe selfbeeld by die transrasaangenome kind (Berbery, 2010).

Ferreira (2009) maak in haar studie waar sy uit ’n regsperspektief kyk na die faktore wat belangrik is in die bepaling van die beste belang van die transrasaangenome kind in Suid-Afrika, agt spesifieke aanbevelings vir die ontwikkeling van die transrasaangenome kind se kulturele identiteit. Volgens haar moet aanneemouers van die transrasaangenome kind:

- Eerlike en oop kommunikasie met die kind hê met betrekking tot sy/haar biologiese kultuur.
- Moeite doen om interkulturele verhoudings en vriendskappe in hul gemeenskap te ontwikkel. (Kontak met die biologiese ouers dra ook by tot die vorming van ’n positiewe kulturele identiteit by die transrasaangenome kind.)
- Hul kind ’n kultuurgeïntegreerde skool laat bywoon.
- Aan die kind stories voorlees wat verband hou met sy biologiese kultuur. Ouer kinders moet self oor hul biologiese kultuur oplees ten einde kennis oor hul herkoms in te win.
- Verkieslik in ’n omgewing woon waar die kind blootgestel kan word aan sy/haar biologiese kultuur en kontak kan maak met lede van sy/haar biologiese kultuur.
- Sorg dat die gesin se fokus op die kind se biologiese kultuur tot voordeel van sowel die ouer as die kind strek.
- Die kind aanmoedig om betrokke te wees by aktiwiteite wat tipies is van die kind se biologiese kultuur en waarby lede van sy/haar biologiese kultuurgroep ook betrokke is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Verder moet ’n veldtog geloods word om die gemeenskap op te lei in die realiteit van transrasaanneming ten einde vooroordele uit te skakel.

Die klem wat deur Ferreira (2009) geplaas word op die belangrikheid van die blootstelling van die transrasaangenome kind aan sy/haar biologiese kultuur ten einde positiewe identiteitsvorming te bewerkstellig, stem ooreen met Vonk (2001) se teorie oor identiteitsvorming. Vonk beskou multikulturele beplanning deur die aanneemouer van die transrasaangenome kind as ’n belangrike voorsorgmaatreël om positiewe identiteitsvorming by die transrasaangenome kind te verseker.

3.4 Die rede vir transrasaanneming

Die vraag kan gevra word hoekom individue hulle vrywilliglik blootstel aan ’n situasie wat soveel potensiaal vir emosionele uitdagings inhou. In afdeling 3.2 is die redes vir transrasaanneming in Suid-Afrika reeds bespreek. Navorsing in die VSA toon dat onvrugbaarheid en die behoefte om ’n bydrae tot die sosiale gemeenskap te lewer deur ’n minderbevoorregte kind meer toekomsgeleenthede te bied, die grootste motiveerders is vir transrasaanneming (Zhang & Lee, 2011).

Farr en Patterson (2009) het ook navorsing in die VSA gedoen om te bepaal watter ouers waarskynlik transrasaanneming spontaan sal oorweeg. Hulle het bevind dat homoseksuele lewensmaats, lewensmaats van ’n gemengde ras en ouerpare wat hul motivering vir aanneming beskou as ’n poging om ’n minderbevoorregte kind te help, die algemeenste groepe is wat spontaan transrasaanneming oorweeg. Farr en Patterson (2009) se navorsing verskaf waardevolle inligting oor die geskiktheid van potensiële aanneemouers aan welsynsorganisasies wat met die groot uitdaging gekonfronteer word om huise te vind vir die groot aantal weeskinders wêreldwyd.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

3.5 Hulpbronne vir die ouer met ’n transrasaangenome kind

Ten einde die uitdagings wat transrasaanneming stel, voorbereid aan te pak, is dit belangrik dat potensiële aanneemouers goed ingelig moet wees oor die emosionele eise wat transrasaanneming aan hulle en hul gesinne kan stel (Bird, Peterson, & Miller, 2002).

Suid-Afrikaanse sowel as internasionale literatuur toon ’n baie groot leemte met betrekking tot riglyne vir sowel ouers as maatskaplike werkers oor die hantering van transrasaanneming. Navorsing oor transrasaanneming neig om te fokus op die plasing van kinders in geskikte huishoudings, maar die verskaffing van riglyne rakende ouerskap en ondersteunende gesinsfaktore aan ouers wat kinders aanneem van ’n ras anders as hulself, is beperk. Beskikbaarstelling van sodanige inligting kan ’n groot behoefte vervul om die sukses van transrasaannemings te vergroot (Vidal de Haymes & Simon, 2003). Terselfdertyd kan die deurlopende betrokkenheid van ’n goed ingeligte maatskaplike werker ’n groot rol speel in die ondersteuning van die ouer in die transrashuisgesin (Rykkje, 2007).

Professionele gesinsondersteuners moet goed ingelig wees oor transrasaanneming ten einde die identiteitsvorming van die aangenome kind en die uitdagings wat aan die aanneemouer gestel word, ten volle te verstaan. Dit is ook belangrik dat die persoon wat hulp aan die transrasgesin bied, sy/haar persoonlike oortuiging teenoor hierdie tipe aannemingsproses moet identifiseer en sorg dat hy/sy sonder enige voorbehoude optree (Lee, 2010).

Bird et al. (2002) stel ’n paar riglyne voor vir suksesvolle transrasaanneming. Hulle is van mening dat die ouderdom van die kind tydens aanneming en die aantal transrasaangenome kinders in die gesin, belangrike faktore is om te voorspel wat die omvang van probleme is waarmee die aanneemouer gekonfronteer sal word. Indien die kind op ’n hoër ouderdom aangeneem word, kan daar verwag word dat die aanpassing van die gesin ’n groter uitdaging sal wees. Meer aangenome kinders in die gesin bied ook meer uitdagings (Bird et al., 2002).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Bird et al. (2002) beveel emosiegefokusde terapie vir die transrasaangenome gesin aan om hulle te help om uitdagings te oorkom. Deur hierdie tipe terapie word die gesin geleer om hul emosies te identifiseer, te verstaan en te ondersoek, ten einde meer insig te verkry. Sodoende kan aanvaarding by die gesinslede bewerkstellig word en kan elke individuele gesinslid, sowel as die gesin as geheel, effektief funksioneer (Johnson & Greenman, 2006).

3.6 Samevatting

Die uitdagings wat gestel word aan ouers wat kinders van ’n ander ras as hulself aanneem, word duidelik deur bestaande literatuur bevestig. Die voordeel wat die kinders ervaar deur deel te wees van ’n gesin en die voorreg wat die ouers gegun word om liefde vir ’n kind te ervaar en te betoon, kan wel gesien word as prominenter as die uitdagings wat die transrasgesin ervaar. Die toenemende positiwiteit teenoor transrasaanneming beklemtoon die belangrikheid vir die samelewing om goed ingelig te wees oor transrasaanneming en dit wat daarmee gepaard gaan.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 4

METODE VAN ONDERSOEK

4.1 Inleiding

Alhoewel transrasaanneming reeds twee dekades in Suid-Afrika wettig is (Davel, 2007), is dit ’n verskynsel waaroor min inligting in die Suid-Afrikaanse literatuur beskikbaar is. In hierdie navorsing is daar gekyk na veerkragtigheidsfaktore wat transrasaanneemgesinne help om aan te pas en krisisse te oorkom.

In hierdie hoofstuk word die metode beskryf wat gebruik is om hierdie navorsing te doen. Die navorsingsontwerp word eerstens bespreek, waarna die deelnemers en die data-insamelingstegniek wat in hierdie navorsing gebruik is, bespreek word. Daarna word die data-insamelingsprosedure beskryf en ’n breedvoerige beskrywing word gegee van hoe die data ontleed is. Dan volg my refleksie oor my teenwoordigheid in die navorsingsproses. Laastens volg ’n bespreking van etiese aspekte van hierdie navorsing.

4.2 Navorsingsontwerp

’n Verkennende, kwalitatiewe navorsingsontwerp is in hierdie studie gebruik om veerkragtigheidsfaktore in transrasgesinne te ondersoek. Volgens Henning, Van Rensburg, & Smit (2004) word kwalitatiewe navorsing gebruik om te kyk na die “wat”, “hoe” en “hoekom” van ’n verskynsel om sodoende meer insig daarin te verkry. Data is deur middel van semi-gestruktureerde onderhoude ingesamel en konvensionele inhoudsontleding (Creswell, 2007) is gebruik om ingesamelde data met behulp van die Atlas.ti-rekenaarprogram (Konopasek, 2008) te ontleed.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.3 Deelnemers

Deelnemers aan hierdie studie is met behulp van gerieflikheidsteekproefneming verkry. Volgens hierdie steekproefnemingstegniek kan deelnemers by die studie betrek word soos kontak met potensiële deelnemers gemaak word en hulle vrywillig instem om deel te neem.

Ek woon reeds die afgelope drie jaar as ’n waarnemer, op uitnodiging van die voorsitter, byeenkomste van ’n ondersteuningsgroep vir aanneemouers in die Wes-Kaap by. Lede van die ondersteuningsgroep bestaan uit ouers wat ’n kind of kinders van ’n ander ras as hulself aangeneem het. Hierdie groep vergader elke drie maande en fokus veral op raadgewing aan ouers hoe om uitdagings in die transrasaanneemgesin te oorkom. ’n Lys met name van potensiële deelnemers, wat reeds hul bereidwilligheid getoon het om aan die navorsing deel te neem, is deur die voorsitter aan my verskaf.

Ten einde totale bereidwilligheid vir deelname aan die studie te verseker, het ek potensiële deelnemers aanvanklik per e-pos gekontak en versoek om hul telefoonnommers aan my te verskaf indien hul sou belangstel om aan hierdie studie deel te neem. Vyftien ouers het spontaan reageer. Hulle is daarna telefonies gekontak om te verseker dat hulle aan die volgende insluitingskriteria vir deelname aan hierdie studie voldoen:

- Die ouer moet deel uitmaak van ’n enkelouergesin.
- Die ouer moet vroulik wees.
- Die ras van die aanneemouer moet verskil van dié van haar aangenome kind of kinders.
- Aanneming moes minstens twee jaar vantevore plaasgevind het.

Ses deelnemers is op grond van dié insluitingskriteria geïdentifiseer. Al ses hierdie deelnemers was wit vroue. Die ouderdomme van hierdie vroue het gewissel tussen 40 en 56.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Al ses deelnemers was professionele persone in ’n verskeidenheid van loopbane – van die sakesektor, tot die navorsingsveld, tot die mediese veld, tot die publikasiebedryf. Een van die deelnemers het twee kinders van ’n ander ras as syself aangeneem, terwyl die ander vyf deelnemers elk slegs een kind van ’n ander ras as syself aangeneem het. Al ses hierdie deelnemers het die behoefte om ’n kind te hê as motivering vir die aanneming aangedui en die aangenome kinders was almal jonger as vier maande toe hulle aangeneem is. Die tydperk van aanneming het gewissel tussen drie en 10 jaar. Twee ouers het genoem dat dit vir hulle ’n positiewe ervaring was om aan ’n ouerlose kind ’n huis en ’n toekoms te bied. Slegs een van die deelnemers was voorheen getroud, maar geen van die deelnemers het biologiese kinders nie. Geen van hierdie transrasgesinne het enige kontak met die biologiese ouers van die aangenome kind(ers) gehad nie en nie een van hierdie transrasgesinne deel ’n wooneenheid of ’n huishouding met ander persone nie.

Die ouderdomme van hierdie aangenome kinders het gewissel tussen drie en 10 jaar. Twee van die aangenome kinders was van Zulu-afkoms, twee van Xhosa-afkoms, twee was bruin en een kind was ’n Afrikaan van Zimbabwiese afkoms. Twee van die aangenome kinders was seuns, terwyl vyf meisies was.

4.4 Data-insamelingstegniek

Data is ingesamel deur gebruik te maak van ’n biografiese vraelys en ’n semi-gestruktureerde onderhoude.

4.4.1 Biografiese vraelys

’n Biografiese vraelys is saamgestel ten einde beskrywende inligting van elke deelnemende gesin te verkry (vergelyk bylaag 1). Inligting is verkry oor die ouderdom en beroep van die ma, motivering vir aanneming en die ouderdom, ras en geslag van die aangenome kind. Die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

voltooiing van die biografiese vraelys het ook aan die aanneemouer die geleentheid gebied om aan haar en haar aangenome kind(ers) skuilname toe te ken. Daar is ook deur middel van die biografiese vraelys inligting bekom rakende die ouderdom van die aangenome kind tydens aanneming en die mate van kontak wat die transrasgesin met die biologiese ouers van die aangenome kind het. Die deelnemer moes ook aandui of die gesin ’n wooneenheid met enige ander persone deel. Die biografiese vraelys is in Engels en Afrikaans beskikbaar gestel en elke deelnemer kon die vraelys in die taal van haar keuse invul.

4.4.1 Semi-gestruktureerde onderhoude

Semi-gestruktureerde onderhoude is bykomend gebruik om data in te samel. Daar is op hierdie vorm van onderhoudsvoering besluit ten einde ’n mate van beheer oor die onderhoud uit te oefen en om te voorkom dat inligting bekom word wat nie op hierdie navorsingsprojek van toepassing is nie (Corbin & Strauss, 2008). Navorsingsvraag-gerigte inligting is sodoende verkry. Die semi-gestruktureerde onderhoud bied wel aan die deelnemer die geleentheid om op ’n spontane manier inligting met my te deel (Camsfield, Crivello, & Woodhead, 2009). Vry-antwoord vrae is aan die deelnemers gestel ten einde hulle die geleentheid te bied om hul ervarings en insigte oor hul gesinne se gesinskenmerke en -patrone wat hulle help om krisissituasies te oorkom, te deel (vergelyk bylaag 2). Verder is aanmoedigingsvrae gebruik om die deelnemers aan te moedig om uit te brei en meer inligting weer te gee. Ek het wel daarop gelet om nie aanmoedigingsvrae te gebruik wanneer daar ongemak by ’n deelnemer waargeneem is nie.

4.5 Data-insamelingsprosedure

Afsprake vir onderhoude is telefonies met deelnemers gemaak. Die tyd en plek van onderhoudsvoering is deur die deelnemers self bepaal en die onderhoude is deur my gevoer.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Onderhoude is met twee van die deelnemers by hul huise gevoer en die ander vier deelnemers het verkies dat die onderhoude by hul werkplek gevoer word. Die onderhoude het gemiddeld ongeveer een-en-'n-half uur geduur. 'n Onderhoudskedule is voor die onderhoud aan die deelnemers gestuur om aan hulle die geleentheid te bied om voor die tyd moontlike response op die vrae te oorweeg.

Voor die onderhoud, is die inwilligingsvorm deeglik saam met die deelnemer deurgegaan om te verseker dat sy ten volle ingelig is oor die totale omvang van die navorsingsprojek. Nadat ek en die deelnemer die inwilligingsvorm onderteken het, het sy die biografiese vraelys in my teenwoordigheid ingevul. Die deelnemer se toestemming is vervolgens gevra om 'n klankopname van die onderhoud te maak. Nadat die klankopnemer aangeskakel is, het ek spontaan met die onderhoud begin deur die eerste vraag aan die deelnemer te stel. Soos genoem, het ek met diskresie aanmoedigingsvrae benut ten einde te verseker dat die deelnemer uitbrei op onderwerpe wat van belang vir hierdie studie is.

Deelnemers het spontaan die vrae beantwoord en verder uitgebrei oor hul persepsie van veerkragtigheidsfaktore in hul gesinne. Ek het deurentyd die gevoel gehad dat die deelnemers my vertrou en positief daaroor voel om hul ervarings met my te deel. Ek het wel gevind dat ek by tye deelnemers moes stuur in die rigting van gesprekvoering oor eienskappe in hul gesin wat hulle help om krisisse te oorkom, eerder as om te fokus op en te praat oor probleme en krisisse wat die gesin ervaar. Ek het onder die indruk gekom dat die gesprek oor hul eie gesinne vir die deelnemers terapeutiese waarde gehad het. Deelnemers het ook by tye tydens die onderhoud opgemerk dat dit vir hulle 'n gevoel van bemagtiging gee om te praat oor hul gesin se vermoëns om krisissituasies te oorkom. 'n Gevoel van vertroue in hul eie transrasgesin se vermoë om krisisse te oorkom, is dus deur die deelnemers ervaar. Die onderhoude het voortgegaan totdat 'n inligting-versadigingspunt bereik is. Hierdie punt is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

bereik op die stadium waar dieselfde inligting herhaaldelik deur die deelnemers weergegee is (Caelli, Ray, & Mill, 2003).

Tydens die onderhoudsvoering het ek deurentyd gepoog om ’n ontspanne en empatiese omgewing te skep. Ek het ook daarop konsentreer om nie my eie vooroordele te laat geld gedurende die onderhoud nie (Bless, Higson-Smith, & Kagee, 2006). Na afloop van die onderhoud is elke deelnemer vir haar tyd en insette bedank.

Die klankopnames is op ’n veilige plek bewaar en ek het self die transkribering van die onderhoude behartig. Sodoende het ek weer kontak met die ingesamelde data gehad. Die transkribering van die data is baie positief ervaar, aangesien dit my gestimuleer het om reeds op daardie stadium van die proses my denke te fokus op die ontleding van die ingesamelde data.

Een van die onderhoude is in Afrikaans gevoer en vyf is in Engels gevoer. Na die transkribering van die onderhoude is die Afrikaanse onderhoude in Engels vertaal deur ’n vertaler wat vertroud is met vertaling in die Sielkunde-vakgebied. Daarna is die getranskribeerde onderhoude deur ’n ervare taalversorger, wat vertroud is met sielkundige vakterme, versorg. Die motivering vir die gebruik van ’n taalversorger was om die dokumente so goed as moontlik voor te berei vir invoering in die Atlas.ti-rekenaarprogram (ATLAS.ti.v7, URL, 2013) vir data-ontleding.

4.6 Data-ontleding

Die doel van data-ontleding gedurende kwalitatiewe navorsing is om insig te verkry in die verhoudings tussen verskillende veranderlikes en om te bepaal of daar patrone of temas voorkom in die inligting wat verkry is (Mouton, 2001). Konvensionele inhoudsontleding is gebruik om die data mee te ontleed. Die Atlas.ti-rekenaarprogram (ATLAS.ti.v7, URL, 2013)

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

is vir hierdie doel gebruik. Hierdie rekenaarprogram is ontwerp om groot hoeveelhede kwalitatiewe data op ’n sistematiese wyse te organiseer om sodoende die ontleding te vergemaklik. Komplekse konstrukte wat in groot hoeveelhede data voorkom, kan so ondersoek word (Henning et al, 2004).

Die werking van die Atlas.ti-rekenaargrogram (ATLAS.ti v7, URL, 2013) is intensief deur my bestudeer. Inligting oor die gebruik van die program is op die internet gekry en daar is ook van ’n private konsultant wat verbonde is aan die Universiteit van Stellenbosch se diens gebruik gemaak, om my verder vertroud te maak met die data-ontledingsproses.

Eerstens is die data sorgvuldig deurgelees om my te oriënteer ten opsigte van die data se inhoud. Die ses getranskribeerde onderhoude is as ses primêre dokumente in die Atlas.ti-rekenaarprogram (ATLAS.ti v7, URL, 2013) ingevoer. Daar is slegs met relevante inligting tot die navorsingsvrae gewerk en met behulp van die rekenaarprogram is kodes toegeken aan aanhalings wat met mekaar verband hou. Dié kodes is daarna in die vorm van netwerke verbind. Die program het my ook in staat gestel om die teks grafies aan te bied en die verhoudings tussen die verskillende kodes visueel uit te beeld, wat my daartoe in staat gestel het om teorieë te ontwikkel wat gegrond is op die verhoudings tussen die verskillende kodes (ATLAS.ti v7, URL, 2013). ’n Familie (van kodes) is geskep waar die kodes met mekaar verband hou en ’n familienaam is aan elke groep kodes toegeken. Op hierdie stadium het ek beraadslaag met my studieleier om bevestiging te kry oor die gepastheid van die onderskeie familiename wat ek toegeken het. Hierdie inligting het my daartoe in staat gestel om ’n finale stel temas (dit is families bestaande uit kodes) te identifiseer wat gebruik is in die finale verslag en wat gegrond is op die patrone wat gevorm is (Henning, 2004).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Vervolgens word enkele voorbeelde gegee om te illustreer hoe kodes aan sekere dele van die ingesamelde data toegeken is, waar die deelnemer weergegee het wat volgens haar, haar en haar gesin gehelp het om krisisse te oorkom.

> Yesterday we had a conversation about hair. She would love to have straight hair. I can't hide things from my child. I explained that, unfortunately, it is like that. We can't change it.

Hierdie deelnemer het gevoel dat die gesinspatroon om altyd eerlik met mekaar te wees, hierdie gesin help om krisisse te hanteer. Kode: Eerlikheid.

Meer as een kode kan ook aan 'n sin of paragraaf toegeken word.

> I have been telling her that she wasn't given away like Annie because the people were bad or whatever. It was a good mother who was looking for a good mother for her baby, who could look after her well. She carried the baby in her tummy in a good way and looked after her well, so Mom could get you in a good way.

Hierdie deelnemer beskou eerlikheid oor die aanneming en ook respekvolle kommunikasie oor die biologiese ma van die aangenome kind as baie belangrike kommunikasiepatrone in hierdie gesin om hulle te help om uitdagings te hanteer. Kodes: Openlikheid oor aanneming en eerlike en respekvolle kommunikasie oor die biologiese moeder.

> I felt very upset. I think I looked calm to her. I was calm when we talked about it and did not react, but when I was alone I phoned people. I spoke to my mom and she is always very supportive and also then other single moms I know, also the people from the support group.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Hierdie deelnemer beskryf hoe kontak met haar vriende, die ondersteuningsgroep en haar uitgebreide familie haar help om krisisse te oorkom. Kodes: Kontak met vriende, ondersteuningsgroepe en uitgebreide familie.

Drie-en-dertig kodes is geïdentifiseer wat gegroepeer is in ses families wat die temas in hierdie navorsing vorm. Met behulp van die Atlas.ti-rekenaarprogram (ATLAS.TI V7, URL, 2013) kon bepaal word hoeveel keer elke kode na vore gekom het in elke spesifieke onderhoud en hoeveel keer ’n spesifieke kode in al die onderhoude saam na vore gekom het. Die program beskik ook oor die funksie om alle frases van die onderhoude wat op ’n spesifieke kode van toepassing is, aan die gebruiker weer te gee (Creswell, 2007).

4.7 Selfrefleksie

Selfrefleksie deur die navorser is ’n baie belangrike komponent van kwalitatiewe navorsing, aangesien die vooroordele, waardes en ervarings van die navorser op geen manier van die betrokke navorsing geskei kan word nie (Creswell, 2007; Holloway & Biley, 2011). Gedurende hierdie navorsing was ek deurentyd bewus van die uitwerking wat my agtergrond op die deelnemers en die interpretasie van die data in hierdie studie het. Ek was ook bewus van die invloed wat my agtergrond op die skryf van hierdie tesis gehad het. Deur hierdie selfrefleksie bied ek aan die leser van hierdie tesis inligting aangaande myself. Sodoende sal die leser bewus wees van my persoonlike ingesteldheid teenoor die navorsingsvraag, die navorsingsproses en die skryf van hierdie tesis.

Ek is ’n middeljarige, finansieel bevoorregte, getroude, wit vrou met ’n stabiele huwelik en twee kinders. My gesin en die voordeel van ’n gesonde gesinslewe vir alle gesinslede is vir my van groot belang en word as ’n lewensprioriteit beskou. Ek beskou die gawe van ouerskap as die grootste voorreg, maar ook die grootste uitdaging wat enige individu kan ervaar. Ek is

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

oortuig dat enige persoon, en by uitstek ’n vrou, op ’n sekere stadium van sy/haar lewe ’n natuurlike behoefte het om ’n kind van sy/haar eie te hê om te beskerm, lief te hê en toe te rus vir die lewe. Aanneming is vir my ’n natuurlike proses in situasies waar dit nie vir ’n individu moontlik is om ’n biologiese kind te hê nie.

Vriendskap met ’n kinderlose egpaar het my blootgestel aan die smagting van ’n kinderlose egpaar na ’n kind. Die voorreg van ’n vriendskap met ’n ouer wat ’n kind van ’n ander ras as syself aangeneem het, het my insig gegee in die vreugde wat die voorreg van ouerskap verskaf, in teenstelling met die smagting en hartseer van kinderloosheid. Ek is ook egter bewus van die uitdagings wat hierdie vorm van ouerskap teweeg bring.

Tydens hierdie navorsing was ek deurentyd bewus van my eie agtergrond en het ek deurentyd gepoog om my en my eie emosies so ver moontlik te distansieer van die deelnemers en van die data-ontleding. Ek het wel gevind dat ek ’n baie goeie band met al die deelnemers gesmee het op grond van ons gedeelde belangstelling in ouerskap. Die deelnemers het ook te kenne gegee dat hulle dit as positief ervaar het om oor hul gesin se sterkpunte te kon gesels. My groot passie vir kinders het my ook onmiddellik aangetrokke tot die aangenome kinders laat voel.

4.8 Vertrouenswaardigheid van hierdie studie

Soos in die vorige afdeling bespreek, het ek insig in my emosies en houding teenoor die navorsingstema in hierdie studie. Ek was deurentyd daarop ingestel om my eie subjektiwiteit met betrekking tot die navorsing te beperk, te kontroleer en te bestuur. Die bestudering van die bestaande literatuur oor die onderwerp het my onder andere gehelp om “afsluiting” te bewerkstellig aangesien ek ’n breër insig in transrasaanneming gekry het. Volgens Morrow (2005) dui afsluiting op die navorser se vermoë om sy/haar eie houdings en subjektiwiteit

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

teenoor die navorsingstema te beperk, te kontroleer en te bestuur. Selfrefleksie teenoor die studieleier met betrekking tot my emosies rondom die navorsingstema, het ook afsluiting by my bewerkstellig.

Vervolgens word daar gekyk na die geloofwaardigheid, oordraagbaarheid, betroubaarheid en bevestigingswaarde van hierdie studie wat benut is ten einde vertrouenswaardigheid te verseker.

4.8.1 Geloofwaardigheid

Ten einde geloofwaardigheid te bewerkstellig, is ek reeds die afgelope drie jaar betrokke by ’n ondersteuningsgroep vir ouers wat ’n kind van ’n ander ras as hulself aangeneem het. Ek is dus al die afgelope drie jaar daarop ingestel om die gedrag van transrasgesinne in die gemeenskap waar te neem. Ek maak gereeld kontak met ander navorsers en my studieleier ten einde my die geleentheid te gee om te reflekteer oor my ervaring van die navorsingsproses. Tydens die onderhoudsvoering het ek intieme inligting bekom oor die menings van ouers wat kinders van ’n ander ras as hulself aangeneem het, rakende gesinspatrone en eienskappe van hul gesin om krisisse te oorkom. Ek het deurentyd daarop gekonsentreer om nie my eie ingesteldheid teenoor die verskynsel van transrasaanneming aan die deelnemers te laat blyk nie. Ek het data ingesamel totdat ’n versadigingspunt bereik is en dieselfde data herhaaldelik in die onderhoude na vore gekom het (na aanleiding van Morrow [2005]).

4.8.2 Oordraagbaarheid

Ten einde oordraagbaarheid in hierdie navorsing te verseker, het ek gepoog om voldoende inligting omtrent myself as instrument in die navorsing, die konteks en proses van navorsing, die deelnemers en die navorser-deelnemer-verhouding weer te gee. Sodoende is gepoog om

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die leser van hierdie tesis daartoe in staat te stel om die bevindinge van hierdie studie te veralgemeen tot sy/haar eie konteks (verwys na Morrow [2005] in dié verband). Ek besef wel dat die klein steekproef en die afwesigheid van statistiese metodes tot gevolg het dat oordraagbaarheid van die bevindinge nie ten volle verseker kan word nie.

4.8.3 Betroubaarheid

Ek het hierdie navorsing deurentyd op ’n konsekwente en beginselvaste wyse benader en betroubare metodes van data-insameling en data-ontleding gebruik. Daar is deurentyd op ’n sistematiese wyse beplanning en effektiewe hantering van data-insameling en data-ontleding gehandhaaf. Inligting is effektief geliasseer en ek het deurentyd aantekeninge gemaak van gebeurtenisse tydens die data-insamelings- en data-verwerkingsfase. Ek het deurentyd gebeurtenisse wat ’n invloed op die data-insameling en -ontleding kon uitoefen, sowel as opkomende temas, aangeteken en geliasseer (na aanleiding van Morrow [2005]).

4.8.4 Bevestigingwaarde

Na aanleiding van die riglyne wat Morrow (2005) ten opsigte van bevestigingswaardigheid stel, kan daar met oortuiging gesê word dat hierdie studie aan die vereiste van bevestigingwaardigheid voldoen. Ek het deurentyd die volledige situasie en feite weergegee wat tydens data-insameling en data-ontleding waargeneem is en so ver menslik moontlik nie my persoonlike waardes en houdings in hierdie navorsing beklemtoon nie. Die geloofwaardigheid van hierdie studie lê in die data wat ingesamel is en daar is deurentyd gepoog om die bevindinge en proses sodanig weer te gee dat die leser oortuig kan wees van die bevestigingswaarde van hierdie studie. Die doelwitte wat nagestreef is om betroubaarheid te verseker, dra ook by tot die bevestigingswaarde van hierdie studie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

4.9 Etiese aspekte

Etiese goedkeuring is van die Navorsingsetiekkomitee: Mensnavorsing (Nie-gesondheid) van Stellenbosch Universiteit verkry voor daar begin is met die insameling van data. Om eties verantwoordelik op te tree, was baie belangrik in hierdie navorsing aangesien transrasaanneming ’n netelige kwessie is. Ek was dus deurgaans daarvan bewus dat daar in my studie, soos in enige navorsingsprojek, ’n balans gehandhaaf moet word tussen die wetenskaplike soeke na feite en die welstand van die deelnemers.

Die doel van etiese riglyne vir navorsing is om te verseker dat deelnemers aan minimale risiko vir fisiese en sielkundige skade blootgestel word (Bless et al., 2006). Myns insiens was daar geen risiko verbonde aan die deelname in hierdie navorsing nie en ek beskou die onderhoud as ’n bemagtigende groeigeleentheid vir die deelnemers, aangesien die geleentheid vir hulle geskep is om deur hul eie vertellings bewus te word van die sterkpunte van hul gesinne. Die navorsingsbeginsel van voordeligheid is dus ook in hierdie navorsing nagekom, aangesien die onderhoude ’n definitiewe voordeel vir die deelnemers ingehou het, deur hulle bewuste maak van hul gesinne se sterkpunte. Dit is altyd eerstens belangrik dat navorsing nie skade aanrig nie en ’n bydrae tot die welstand van deelnemers is ’n definitiewe verdere voordeel (Bless et al., 2008).

Anonimiteit is verseker deur die toekenning van skuilname aan sowel die ouers as die aangenome kinders. Hierdie skuilname is deur die ouers self toegeken en is deurentyd tydens transkribering en die skryf van die tesis gebruik. Die identiteit van die deelnemers aan hierdie studie word op geen stadium van die navorsing bekend gemaak nie. Klankopnames van die onderhoude is veilig bewaar en uitgewis nadat die transkribering gedoen is.

Ingeligte toestemming van die deelnemers is verkry voordat die onderhoude gevoer is. Die menswaardigheid van elke deelnemer is deurentyd tydens die onderhoude respekteer. Ek het

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

empatie getoon waar nodig en geen voorkeure of persoonlike menings of oordele uitgespreek nie. Deelnemers is nooit gedwing om inligting te verskaf nie en hulle is ingelig dat hulle hul op enige stadium aan die navorsing kon onttrek sonder om benadeel te word (na aanleiding van Mouton [2001]). Die deelnemers is daarvan ingelig dat die resultate na afloop van die navorsing aan hulle bekend gemaak sou word, sou hulle daarin belangstel.

4.10 Samevatting

In hierdie hoofstuk is die navorsingsontwerp en die deelnemers aan hierdie navorsingsprojek bespreek. Die tegniek en die prosedure van data-insameling en data-ontleding is ook deeglik bespreek. Ek het ook gereflekteer op my eie waardes en norme wat die studie sou kon beïnvloed. Verder is ’n beskrywing gegee van die stappe wat geneem is ten einde die vertrouenswaardigheid van hierdie navorsing te verseker. Ten slotte is ’n beskrywing gegee van die etiese kwessies waaraan daar aandag gegee is in hierdie navorsing.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

HOOFSTUK 5

RESULTATE EN BESPREKING

5.1 Inleiding

In hierdie studie is die fokus op veerkragtigheidsfaktore in enkelouergesinne waar daar ’n kind van ’n ander ras as die ouer aangeneem is. Semi-gestruktureerde onderhoude is met ses deelnemers gevoer wat op ’n klankopnemer opgeneem is. Daarna is die onderhoude getranskribeer en met behulp van die Atlas.ti-rekenaarprogram (ATLAS.ti v7, URL, 2013) ontleed. Ses families (temas) is geïdentifiseer wat deur 33 kodes ondersteun is. Vir die doel van hierdie bespreking sal die term ‘tema’ gebruik word wanneer na ’n familie verwys word. Die ses temas (families) tesame met die kodes wat hulle ondersteun, word in hierdie hoofstuk rapporteer en bespreek. Direkte aanhalings uit die getranskribeerde onderhoude word as voorbeelde van elke betrokke kode gegee. Bevindinge word met vorige navorsing en toepaslike teorieë vergelyk.

5.2 Temas (families)

Vervolgens word die volgende ses temas rapporteer en bespreek: (1) toerus van die aangenome kind, (2) vestiging van gesinspatrone, (3) om aanneming ’n realiteit te maak, (4) sosiale kontak en kontak met die uitgebreide familie, (5) benutting van eksterne hulpbronne en (6) effektiewe voorbereiding voor aanneming.

5.2.1 Toerus van die aangenome kind

Hierdie tema fokus op die belangrikheid daarvan om die transrasaangenome kind voor te berei en toe te rus met spesifieke vaardighede. Hierdie vaardighede kan die transrasaangenome kind help om krisisse en uitdagings wat verband hou met sy/haar

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

transrasaangenome status, suksesvol in die toekoms te oorkom. Hierdie tema bestaan uit agt kodes en het voorgekom in 48 aanhalings. Die agt kodes wat hierdie tema gevorm het, word vervolgens rapporteer en bespreek.

5.2.1.1 Blootstelling aan diversiteit

Al ses deelnemers het gemeen dat dit belangrik is dat hul transrasaangenome kind aan ʼn diversiteit van rasse blootgestel moet word. Vyf van die deelnemers het gesê dit help hul transrasaangenome kinders om krisisse beter te hanteer indien die kind daarvan bewus is dat hy/sy nie die enigste persoon is wat in ʼn gemengde ras-gesin funksioneer nie. Kontak met ander transrasaangenome kinders sal ook, volgens die deelnemers, voorkom dat die transrasaangenome kind emosies van uitsluiting en abnormaliteit ervaar. Een van die deelnemers merk op:

> So, I also take them to other mixed families so that they don't feel so alone. They are also in a mixed school and I try and do activities with them where there is a mixed culture. We attend a church with a very mixed culture. At school they are very mixed – adopted, transracially adopted and a lot of different races. They are quite open-minded at … primary school, which is very good with dealing with diversity.

Ferreira (2009) beveel ook in haar studie sterk aan dat transrasaangenome kinders aan verskillende rasse blootgestel moet word ten einde positiewe identiteitsvorming by die aangenome kind te bewerkstellig. ʼn Goed ontwikkelde identiteit sal die transrasaangenome kind gevolglik help om krisisse te oorkom (Grice, 2005). Vonk (2001) beskryf in haar identiteitsvormingsteorie dat multikulturele beplanning een van die belangrikste vereistes is wat aan ʼn aanneemouer van ʼn kind van ʼn ander ras as hy/syself gestel word ten einde positiewe identiteitsvorming by die aangenome kind te ondersteun.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Drie van die deelnemers het gevoel dat dit hul plig is om transkulturele sosiale kontak te bewerkstellig ten einde hul transrasaangenome kinders te help om ʼn positiewe identiteit te vorm. Een ouer het egter gevoel dat sy nie "kans sien" of "tyd het" vir transkulturele sosiale kontak nie. Sy het wel genoem dat sy besef dit is belangrik vir haar kind se ontwikkeling:

> But, again, it comes from being open-minded as an adult to take a black man as a friend even before I thought about adopting. You know, we still live in a very divided society and one has to do it deliberately, if not before you receive your child, then afterwards.

Rebello (2004) het ook in haar studie bevind dat adolessente wat in transkulturele sorg geplaas is en aan hul biologiese kultuur blootgestel is, oor ʼn beter selfbeeld beskik en sodoende uitdagings beter die hoof kan bied.

5.2.1.2 Blootstelling aan vaderfigure

Die deelnemers aan hierdie studie was enkelma's en al die gesinne het op hul eie, sonder die teenwoordigheid van ʼn ander volwassene, gewoon. Die twee deelnemers wat seuns aangeneem het, het hul kommer uitgespreek oor die afwesigheid van ʼn vader in hul transrasaangenome seuns se lewe. Alhoewel twee van die deelnemers wat dogters aangeneem het ook die belangrikheid van vaderfigure in hul kinders se lewens genoem het, kon ek agterkom dat dit nie vir hul ʼn prioriteit is nie. Nie een van die deelnemers het egter redes gegee waarom hulle voel dat vaderfigure ʼn belangrike rol hul kinders se lewe sou kon speel nie. Hierdie kode is deur nege aanhalings geskep. Die volgende twee aanhalings is uit die onderhoude met die ma's wat seuns aangeneem het:

> There he is in a traditional family with a father around. I want him to have a father figure. I try to show him fathers. "My father is good, but this father is fantastic." I also try to get male babysitters.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> Unfortunately, they did not have cars, which was too difficult. I heard of another male babysitter with a car. I am planning to contact him. You must bring in as many male figures as possible into the child's life. The people that he is most comfortable with, I can see, are young women with long blonde hair.

> My dad made a special effort to be the male figure. And Jack is very attached to my dad. That is fantastic.

Steinberg en Hall (2000) beklemtoon ook die belangrikheid van blootstelling aan vaderfigure vir die transrasaangenome kind wat in ʼn enkelouergesin grootword. Volgens Steinberg en Hall is blootstelling aan sowel geslags- as rasmodelle belangrik vir die positiewe identiteitsvorming by die transrasaangenome kind in ʼn enkelouergesin. Bodenstein (2008) het in sy studie na die persepsie van tienerseuns rakende die betrokkenheid van pa's in seuns se lewens bevind dat tienerseuns hul pa's sien as die voorsiener van benodigdhede, die leier, dissiplineerder, beskermer en ʼn persoon wat ʼn voorbeeld moet stel.

5.2.1.3 Verbalisering van emosies

Drie van die ses deelnemers aan hierdie studie het gevoel dat hul kinders baie makliker krisisse sal oorkom indien hulle oor die vermoë beskik om hul emosies aan ander persone te kommunikeer. Dit is ook vir ouers ʼn groot hulpmiddel wanneer kinders oor die vermoë beskik om hul emosies met hulle as ouers te deel. Sodoende is dit vir die ouer makliker om te weet met watter vrae hul aangenome kinders worstel met betrekking tot hul aanneemstatus, soos deur die volgende aanhalings aangedui word:

> Sophia takes her time to talk to me, but she will talk. You know, a couple of small things now came up during the past few days. So, I also use words. I will reply afterwards. Firstly, we will say

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> we're sorry and, you know, I will explain to her. I'll say, "Darling, mom is very stressed at the moment. So I cry easily and therefore I am more bad-tempered with you than I should be." So I think she also starts using these words. Sometimes it is strange. She'll sometimes say, "Mom, I think I am stressed today." So I think I have been verbalising how I feel and what I feel since childhood.
>
> She usually sits on my lap – I don't know when this is going to stop – and then we will start using words such as, "I am stressed." Last night she also said to me, "Mom, I was cross with you." I think this is already helping. To say what I feel, or she'll say. She has already said to me, "Mom, I can't stop the anger." This helps. "Mom, can't we get someone to help me stop the anger?"

Duidelike en eerlike kommunikasie tussen ouer en kind versterk gesinsbande en dra by tot die skep van 'n veerkragtige gesin. Die belangrikheid van goed ontwikkelde kommunikasievaardighede tussen gesinslede stem ooreen met McCubbin en McCubbin (1996) se veerkragtigheidsteorie en Walsh (2003) se veerkragtigheidsraamwerk. McCubbin en McCubbin (1996) beskryf kommunikasie as een van die weerstandsbronne in die veerkragtige gesin wat bydra tot suksesvolle verstelling en aanpassing na 'n krisis. Walsh (2003) sien kommunikasie as 'n belangrike veerkragtigheidsbron in gesinne waar eerlike uitdrukking van emosies tussen gesinslede plaasvind en waar gesinslede hul emosies met mekaar deel.

Jonger kinders beskou dit as 'n natuurlike proses om hul emosies aan hul ouers te kommunikeer, terwyl die adolessent dit moeilik vind om sy/haar emosies met die ouer te deel (Dolan, 2012). Dit is dus belangrik dat die ouer hierdie vaardighede by die transrasaangenome kind moet versterk voor die aanvang van die adolessente-fase.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.1.4 Bewustheid en begrip van velkleur

Drie van die deelnemers het hul kinders se bewuswording van die kleurverskil tussen hulle en hul kinders as 'n "krisis" beskryf. Dit is dus van die grootste belang dat die kleurverskil tussen die ouer en die transrasaangenome kind op 'n jong ouderdom met die kind bespreek moet word. Die ervarings van hierdie ouers dui daarop dat dit voordelig is om hierdie verskil in velkleur op 'n eerlike manier aan die aangenome kind te verduidelik, soos in die volgende aanhalings gesien kan word:

> At four, somebody said something to him that suddenly made him realise that we are different colours. He covered himself in baby powder that day to make himself look the same as me. So, I explained to him that his colour is so beautiful and I try to have the same colour as him in different ways. So now I comment often on white people being beautiful and also on black people that are beautiful, so the difference in the colours are not such a thing to him. So, you go through a stage with problems and then you deal with the problem, reinforcing it and then they drop out of it and forget about it. Then it is not a problem. Just the other day a boy at school asked me, "Why are you and Nick different colours?" And again I was just honest.

> Quite often children will say to me, "Is this your child?" Then they will ask again, "Is he really your child?" And then I will say to them, "Are you asking me because we have different skin colours?" Then they will say, "Yes." Then I will say, "Daniel, do you want to tell them why we have different skin colours?" Then he will say, "Because I am adopted; I grew in someone else's tummy?"

Die jong kind ervaar die besef dat sy/haar velkleur van dié van die ouer verskil as verwarrend en ontstellend (Grice, 2005). Volgens Grice (2005) fokus jong kinders se vertellings van hul ervarings as transrasaangenome kinders gewoonlik op die verskil in velkleur tussen hulle en

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

hul aanneemouers en beskou dit as ʼn teken dat hulle aangeneem is (Friedlander et al., 2000). Navorsing toon dat sowat 50% van alle kinders wie se velkleur van dié van hul ouers verskil, reeds op vyfjarige ouderdom die wens uitspreek om dieselfde velkleur as hul ouers te hê (Juffer & Tieman, 2009).

5.2.1.5 Begrip van apartheid

In Suid-Afrika is dit belangrik dat die transrasaangenome kind insig moet hê in die apartheidsgeskiedenis van die land ten einde ʼn beter begrip te ontwikkel vir die sensitiwiteit teenoor ras in die Suid-Afrikaanse samelewing. Drie van die deelnemers was van mening dat dit baie belangrik is om die kind toe te rus met kennis oor apartheid ten einde dit vir hulle makliker te maak om in die toekoms krisisse wat daarmee verband hou, te hanteer. Kennis oor apartheid sal die transrasaangenome kind voorberei op moontlike rassisme wat hy/sy op sy/haar lewenspad kan ervaar. Hierdie kode is deur vier aanhalings geskep, onder andere:

> I told him that some people will think our family is fantastic and some will not, but we have had very little problems so far. He asked me about Nelson Mandela. I told Daniel, like in a story, about apartheid. In a story way.

> Sophia and I have also spoken about apartheid and I said there are very nasty people and those nasty people still exist, so she has to be prepared.

5.2.1.6 Aanleer van ʼn swart taal

Drie van die deelnemers het gevoel dat dit baie belangrik is dat hul transrasaangenome kind ʼn swart taal moet praat. Ouers voel dat hul kinders, veral op ʼn hoër ouderdom, verwerp sal word deur ander swart persone indien hul nie ʼn swart taal magtig is nie. Die ander drie

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

deelnemers het egter nooit melding gemaak van die belangrikheid om ’n swart taal magtig te wees nie. Hierdie kode is vier keer aangehaal in die onderhoude. In die volgende twee aanhalings het dit na vore gekom dat die aanneemouer wil hê dat haar kind ’n swart taal moet kan praat:

> She has already said to me that people ask her why she doesn’t speak Xhosa like her friend Jodine, since she is also black.

> And as far as I am concerned – I know other moms don’t feel as strongly as I do – I told her to speak Zulu to her. So my child speaks Zulu. She is a Xhosa, but she speaks Zulu. A woman whose session I attended – I think she was from Nigeria and is a professor – felt very criticised by black South Africans because she was black and could not speak a black language and she never fitted in. She socialised with English-speaking people, but blacks just said, “Why don’t you speak a black language?” She explained and whatever, and obviously in academic circles it was a bit easier, but ordinary black people did not want to accept her without a black language. So she said to us, if there’s one thing you should do, it is to teach your child a black language. And I will always remember that and I made such a point of it. I scold Anita when she does not speak Zulu to her.

Die belangrikheid vir die swart transrasaangenome kind om ’n swart taal magtig te wees, word bevestig deur Berbery (2010) se studie waarin die belangrikheid van rassesosialisering vir die positiewe ontwikkeling van die transrasaangenome kind se selfbeeld beklemtoon word.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.1.7 Hantering van rassisme

Hierdie kode is deur drie aanhalings gevorm. Twee deelnemers het gevoel dat dit hul kind in die toekoms baie sal help indien hulle toegerus is met woorde om rassisme te hanteer:

> Racism is just a reality and you must just accept the reality and it is also an opportunity for them to start using the words when explaining the adoption and the coming-home to other people. She said to her teacher, "That was my coming-home day and that was the day that I was adopted." So, from the age of three they could say the words, "I was adopted." They came out of another auntie's tummy and, you know, they have the words to say it.

> I try to give her words to answer these questions because they won't go away. You can't expect people in South-Africa to just accept it.

Leigh, Smith en Hrapczynski (2013) het ʼn sterk verband gevind tussen die ervaring van spanning en die belewing van rassediskriminasie. Die ervaring van rassisme kan ʼn gevoel van totale verwerping by ʼn individu teweeg bring en daarom is dit belangrik dat die transrasaangenome kind oor vaardighede moet beskik om rassisme te hanteer. Sowel Dolan (2012) as Smith, Juarez en Jacobson (2011) bevestig in hul navorsing die belangrikheid daarvan om die transrasaangenome kind voor te berei om moontlike rassisme te hanteer. Vonk (2001) beskryf in haar identiteitsvormingsteorie dat die transrasaanneemouer die kind moet toerus met vaardighede om rassisme te hanteer ten einde positiewe identiteitsvorming te verseker.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.1.8 Blootstelling aan rolmodelle

Een van die deelnemers het die blootstelling aan rolmodelle hoog geag om haar kind toe te rus om krisisse te hanteer. Hierdie kode is deur twee aanhalings gevorm:

> Then I also started a dinner club. At our dinner club we have five families. It's our family, another single mom with two adopted kids, a completely black, traditional family, a mixed-race family – the mom is white, the dad is black and two cappuccino kids – and the other family is a white mom and dad, married with three adopted children. So every combination is there. We just started and it is awesome. The reason why we did it is that there's a lot of contact with other black kids, but not with black adults. And they need those role models. They need black adults around and those are lovely families.
>
> But, again, it comes from being open-minded as an adult to take a black man as a friend even before I thought about adopting. You know, we still live in a very divided society and one has to do it deliberately, if not before you receive your child, then afterwards.

Hierdie deelnemer het gevoel dat positiewe identifisering met rolmodelle van dieselfde ras as die transrasaangenome kind, 'n positiewe effek op die identiteitsvorming van hierdie kind sal hê. Gishen (1996) beklemtoon ook die belangrikheid van rolmodelle in die transrasaangenome kind se lewe en Friedlander (1999) noem ook dat positiewe rolmodelle van dieselfde ras as die transrasaangenome kind 'n definitiewe positiewe bydrae lewer tot die ontwikkeling van 'n positiewe selfbeeld by die transrasaangenome kind.

5.2.2 Vestiging van gesinspatrone

Beide Walsh (2003) se veerkragtigheidsraamwerk en McCubbin en McCubbin (1996) se veerkragtigheidsteorie, wat as teoretiese grondslag vir hierdie studie dien, beklemtoon die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

belangrikheid van gesinspatrone in die veerkragtige gesin. Om daarby aan te sluit, is ek van mening dat enige gesin baat vind by gesinspatrone en dat hierdie tema dus nie net op die transrasgesin van toegassing is nie, maar ’n veerkragtigheidsfaktor in enige gesin is. Al ses deelnemers in die studie het gevoel dat spesifieke gesinspatrone hulle baie help om krisisse in hul daaglikse lewe te oorkom. Hierdie tema bestaan uit sewe kodes en 40 aanhalings wat verwys na die voordeel van spesifieke gesinspatrone. Deelnemers het gevoel dat die stabiliteit wat deur hierdie gesinspatrone geskep word, aan hulle ’n gevoel van samehorigheid en vertroosting in krisissituasies gee. Die sewe kodes wat bygedra het tot die vorming van die tema “gesinspatrone” word vervolgens gerapporteer en bespreek.

5.2.2.1 Oop kommunikasie tussen ouer en kind

Vier van die ouers het aangedui dat sowel hulle as hul kinders krisisse hanteer deur openlik met mekaar daaroor te kommunikeer. Hierdie kode is deur 10 aanhalings gevorm, onder andere:

> “Mom, you are the only one I can talk to.” And then I don’t even know whether she talks to me, but she has come to me to cry about various things and then she said, “Mom, I can only speak to you.” This is great.

> I made her sit on the sofa in front of me and took her hands and said to her, “Mom wants to talk to you about what the teacher said to you yesterday.” Then I repeated her story to her once again.

Die deelnemers het gevoel dat dit hulle baie help wanneer hul kinders openlik met hul kommunikeer, aangesien dit aan hulle die geleentheid bied om kennis te neem van die probleme waarmee die kinders worstel. Sodoende vind die aanneemouers dit makliker om hul

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

kinders by te staan met hul probleme. Een van die deelnemers het gevoel dat ’n mens van jongs af jou kind moet leer om sy/haar emosies te verwoord:

> We should definitely talk to each other, even if you sometimes have to force it. Or just start by saying this is the crisis, this is how we feel about it.

Walsh (2003) beklemtoon ook die belangrikheid van oop kommunikasie tussen gesinslede in haar veerkragtigheidsraamwerk. Die belangrikheid van oop kommunikasie tussen ouer en kind word ook deur Attwell (2004) en Dolan (2012) se navorsing bevestig.

5.2.2.2 Roetine

Vyf van die deelnemers het weergegee dat dit vir hulle onmoontlik sal wees om as ’n enkelouer van ’n transrasaangenome kind die uitdagings van hul daaglikse lewe te oorkom sonder roetine in hul lewens. Sewe aanhalings het hierdie kode gevorm, onder andere:

> I also think it is very, very important to set boundaries for your child to help him cope with problems, because the routine of boundaries actually makes him a better child. If you don’t have boundaries they do not actually know what is right or wrong. You know half past seven is bedtime, eight o’clock is lights out. Yes, and it is fine over week-ends to overstep those boundaries, but then they must know, on Friday and Saturday night, it is a bit later. Sunday night, my love, it’s back to the routine. You have to almost enforce it.

> If she does not go to bed on time, she starts getting tired. We will start fighting and then she starts shouting and that is not good for her.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> You have to be very organised. I have never been a person with routine, but now routine is very important to me. Otherwise things will fall apart. And especially with school starting this year and I have work and he has homework, it's hectic. It's very busy. Routine is my saving grace.

> So, in general, regarding routine: I can see that things go out of whack when our routine is disrupted. It has been like this for me since she has been a baby. I never sat at her bed for hours trying to get her to fall asleep. This is your time. Mom kisses you, Mom says she loves you and she leaves. So, this is definite.

Die feit dat die deelnemers in hierdie navorsing enkelouers is, versterk waarskynlik die belangrikheid van roetine in hul lewens, aangesien hulle die enigste dissiplineerders en versorgers van hul aangenome kinders is. Greeff en Holtzkamp (2007) het bevind dat gesinsroetine 'n belangrike veerkragtigheidsfaktor in gesinne was wat hulself in 'n nuwe omgewing moes hervestig en dat roetines sterker gesinsbande tot gevolg gehad het. Op 'n soortgelyke wyse kan sterker gesinsbande ook tot die voordeel van die transrasaangenome gesin strek.

5.2.2.3 Huishoudelike hulp

Drie ouers het gevoel dat dit vir hulle onmoontlik sou wees om al hul verpligtinge na te kom sonder die hulp van hul huishulp. Hulle beskou die teenwoordigheid van die huishulp ook as 'n belangrike konstante wat in hul eie lewens en in die aangenome kind se lewe gehandhaaf word. Huishoudelike hulp (as kode) is deur ses aanhalings gevorm, onder andere:

> Yes, I am very lucky, she's like a constant in the children's lives. She has always been there. I think that is a very important thing. You know, my children love photos. On the photos, she's

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> always there with both babies tied on her back, working. So, it is a continuation. She's really a great help.
>
> Dokas, my domestic, is fantastic. She is so nurturing. She is loving and nurturing.
>
> When I walk out the door, I am completely confident that my child is fine. I know my child is in a loving space.
>
> I had to educate my domestic – making shopping lists and dropping her off at the shop where she has to go and buy it. Then I go to the bank and do other things. She has to cope. I am now going to teach her how to drive, since my mom won't be able to drive one of these days. So we have to get all these things done.

Twee ouers het die belangrikheid van hul huishulpe as emosionele versorgers en opvoeders van hul kinders, wanneer hulle nie self teenwoordig kan wees nie, beklemtoon. Daar is waargeneem dat hierdie deelnemers die druk van ouerskap met hul huishulpe deel en daarom hul huishulpe as onmisbaar in hul daaglikse lewens ervaar. Die druk op die enkelouer word dus deur die teenwoordigheid van die huishulp verlig. Greeff en Fillis (2009) beskryf ook praktiese ondersteuning as een van die veerkragtigheidsbronne vir die enkelouergesin.

5.2.2.4 Spiritualiteit

Drie van die deelnemers het gevoel dat spiritualiteit hulle help om die uitdagings van hul lewens te hanteer. Hierdie deelnemers het ook gevoel dat spiritualiteit hul kinders help om krisisse te oorkom. Hierdie ouers voel dat spiritualiteit stabiliteit aan hulle verskaf wat dit vir hulle makliker maak om uitdagings te oorkom. Vyf aanhalings is gebruik in die vorming van die spiritualiteit-kode, onder andere:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> I am a spiritual person and I am a calm person. I am quite a calm person and I do not get hysterical. Whatever comes around; I just have to cope with it. That is my personality type and it helps me to cope. Yes, definitely. Definitely. It gives me stability.
>
> Religion plays a big part in our lives. And Sophia will pray when there is a crisis. And truly, it is incredible how many of her prayers have realised already. Really, she has prayed for things. When she was in grade two, she came home and said that she had prayed in the morning that she would win the prize for the best child, and then she received it.
>
> Yesterday as well, I held her and said to her, "Let's just pray that both of us can calm down."

Walsh (2003) noem spiritualiteit as 'n belangrike aspek in haar veerkragtigheidsraamwerk en McCubbin en McCubbin (1996) beskryf spiritualiteit as een van die domeine wat gesinsaanpassing by die veerkragtige gesin aanhelp. In haar studie oor transrasaanneming in Suid-Afrika beveel Gishen (2006) aan dat voornemende aanneemouers bewus gemaak moet word van die voordele van religieuse sisteme en in hul studie oor veerkragtigheidskenmerke by Xhosa-sprekende gesinne, het Greeff en Loubser (2005) ook spiritualiteit as 'n belangrike veerkragtigheidsbron geïdentifiseer.

5.2.2.5 Gesinsrituele

Gesinsrituele verwys na spesifieke gedragspatrone wat op spesifieke tye deur gesinslede gevolg word en wat ook as die tradisies van 'n spesifieke gesin gesien kan word. Drie deelnemers het die beoefening van gesinsrituele beskou as 'n belangrike gebruik wat die transrasgesin help om krisisse te oorkom. Deelnemers het genoem dat hulle dit uitdagend vind om 'n gevoel van "behoort aan hierdie gesin" by hul transrasaangenome kind te skep. Vyf aanhalings het die kode "gesinsrituele" gevorm, onder andere:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

So, obviously, we celebrate their birthdays and then we have a coming-home day that we celebrate. I make a big fuss of that. Sivenathi will tell everyone, "That is the day my mom came to fetch me and that is the day that I got a new family and my mom was very happy." She always says how happy I was. So I made a big fuss. This year Melissa just had hers. So, she got a present and we went to the Spur. Just so that they have a positive feeling about this thing. So, I am quite clear about that.

We do a lot of things, like camping. For me, to go camping alone would be a bit weird, but a group of single moms is much better. You know, like all families have their family traditions. Our group of friends share our traditional activities. Like, every Easter, I have this one friend and we always share the weekend together. On Christmas Eve we all go to this one friend of mine in Sandringhill. We five single mothers. The children all see that as one of their traditions. And after Christmas we go camping for five days. They wait for that. They are excited about Christmas, but they really love the camping. They are so excited. For our family this is definitely a coping skill.

I go to work earlier as school starts early and I try to be home at about five so that we can do homework and we can spend a bit of time together. He loves his reading, so he reads quite a lot. We have supper together. Those family rituals are important.

Steinberg en Hall (2000) verwys ook na die belangrikheid van gesinsrituele in gesinne waar ʼn kind of kinders van ʼn ander ras as die ouer aangeneem is. Hierdie rituele versterk gesinsbande en gesinsidentiteit. Gesinsrituele speel ook ʼn belangrike rol in die viering van die gesin se geskiedenis en versterk gesinsherinneringe. Die viering van die dag waarop die kind aangeneem is, help ook die transrasaangenome kind met positiewe identiteitsvorming (Steinberg & Hall, 2000).

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2.6 Ouertyd

Drie van die ouers het "ouertyd" as baie belangrik beskou om hul uitdagings as 'n enkelouer met 'n aangenome kind te hanteer. Hierdie ouers het gevoel dat dit vir hulle baie belangrik is om tyd weg van hul kinders af deur te bring ten einde tyd te hê om aan hul eie behoeftes aandag te gee. Vier aanhalings het bygedra tot die vorming van hierdie kode, onder andere:

> That is the only three hours in my week that I am not a mom and I am not a doctor. Those three hours are just for me and they are fantastic. I need it. I will definitely recommend it to new parents. If it is not art, it can be yoga, bird watching, anything. But it is very good to do something creative. Where you can actually be yourself. When you go out with friends, you actually just talk about your children and as if you are a mother again. There you are not reminded of the children and you are not talking about them.
>
> You need breaks sometimes. You cannot do it twenty-four-seven. You need time out to connect with your old friends. You need to connect with your old self again.
>
> This is a big thing for me. I get energy from being alone. So, we have a kind of proposition that we both do our own thing for a half an hour daily and that I am completely alone. This is my salvation; otherwise I would have cracked up easily."

Alhoewel die literatuur nie die belangrikheid van ouertyd vir die aanneemouer in die transrashuisgesin bevestig nie, het drie deelnemers aan hierdie studie dit as van grootste belang gesien om uitdagings te oorkom. Die deelnemers het genoem dat hulle hierdie tyd nodig het om weer in aanraking met hulself te kom en na hulself om te sien en sodoende nie nét te hoef te fokus op hul identiteit as ouer nie.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.2.7 Humor

Twee deelnemers het humor as ʼn belangrike hulpmiddel beskou om uitdagings te oorkom en krisisse te deurleef. Drie aanhalings het hierdie kode gevorm, onder andere:

> A sense of humour helps a lot.

> As I said, I do not know whether you know the film, *Madagascar*, but there are a couple of penguins in the film. They are very funny. All of them have to ride in a boat and eventually all their things are on the boat, but the boat is broken and they are all standing on the shore. And they say, "Smile away, smile away." And Sophia and I find this part very funny. And when people started staring at us and Sophia became aware of it, I said to her, "Come on, let's do what the penguins did, smile away, smile away." So immediately that tension was removed. I could immediately see that the tension was gone. I could immediately see that it had bothered her in the past and when she now sees that people are staring at us, she will just say, "Smile away, smile away."

Ouers voel dat die gebruik van humor tydens krisissituasies hulle en hul transrasaangenome kinders help om makliker met sekere uitdagings saam te leef. Walsh (2003) beskryf ook as deel van haar veerkragtigheidsraamwerk humor in die gesin as een van die belangrike prosesse wat gesinne help om krisisse te oorkom. Maxwell (2003) bevestig ook in sy navorsing die belangrikheid en werking van humor in ʼn krisissituasie.

5.2.3 Om aanneming ʼn realiteit te maak

Al die deelnemers aan hierdie studie het gevoel dat dit vir hulle as ouers baie belangrik is dat die transrasaangenome kind reeds vanaf ʼn jong ouderdom bewus moet wees van sy/haar aangenome identiteit. Ouers in hierdie studie het bewustelik gepoog om eerlike en openlike

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

gesprekke met hul aangenome kinders te bewerkstellig sodat hul aangenome status openlik en eerlik bespreek kon word. Hierdie tema bestaan uit drie kodes wat gevorm is deur 39 aanhalings en word vervolgens rapporteer en bespreek.

5.2.3.1 Eerlike en respekvolle kommunikasie oor die biologiese ma

Vier deelnemers het gemeld dat dit baie belangrik is om eerlik te wees oor en respekvol te wees teenoor die aangenome kind se biologiese ma ten einde die kind se selfwaarde te verbeter en te voorkom dat die aangenome kind die persepsie ontwikkel dat hy/sy uit iets minderwaardigs ontwikkel het. Hierdie kode is deur agt aanhalings gevorm, onder andere:

> I noticed over the holidays at the end of the year, that she was talking a lot about her biological mother, for the first time. She had never ever really spoken about her. I have always acknowledged her and have always told her although she's my child, she came out of someone else's tummy and not out of my tummy. I use the birth mother's name, her real first name, to explain to them. I never use the word "mother", but her first name. That is something that we discussed at one of our group meetings. I think this is very important. They must have an association with the mother. I used her first name and I tried to put her in a very positive light. I explained to them about the climate in South Africa and that it was very difficult for her.

> I have been telling her that she wasn't given away like Annie because the people were bad, or whatever. It was a good woman who was looking for a mother for her baby who could look after her well. She carried the baby in her tummy in a good way and looked after her well, so Mom could get you in a good way.

Steinberg en Hall (2000) beveel sterk aan dat eerlike kommunikasie oor die biologiese ma van die transrasaangenome kind moet plaasvind. Dit is vir die aangenome kind baie belangrik

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

om nie die gevoel te kry dat hy/sy uit iets minderwaardigs ontwikkel het of verwerp is nie, ten einde ’n positiewe selfbeeld te vorm. Ferreira (2009) beveel ook aan dat die aanneemouer oop en eerlike kommunikasie met die aangenome kind moet hê rakende sy/haar biologiese oorsprong. Walsh (2003) beveel aan dat die biologiese familie as ’n fantasie in die transrasaangenome kind se gedagtes moet voortleef indien daar nie direkte kontak met die biologiese ouer(s) is nie.

5.2.3.2 Eerlikheid

Al ses die deelnemers het eerlikheid teenoor die aangenome kind rakende die transrasaanneming as baie belangrik vir die ouer en die kind beskou om uitdagings in hul lewe aan te spreek. Eerlikheid teenoor hulself as ouers is ook as baie belangrik beskou. Veertien aanhalings het bygedra tot die vorming van hierdie kode, onder andere:

> Communicate, be honest with my child, talk to my child.

> So, I have always been very open and discussed it a lot at home

> Yes, to tell the truth to the child is very important.

> I also talk to my friends a lot, in a very open way. I will even phone them and say my child is a monster, not pretending everything is perfect. But again, selecting to which friends I will open up like that. I have my group of friends that I can do that with.

Friedlander et al. (2000) wys ook op die belangrikheid van eerlikheid tussen gesinslede in die transrashuisgesin. Die gevoel van vertroue word tussen gesinslede gekweek deur eerlike kommunikasie ten alle tye. Friedlander et al. (2000) beskryf die gevoel van “ek is anders” as

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die grootste struikelblok vir die transrasaangenome kind. Die ouer kan deur eerlike kommunikasie die aangenome kind ondersteun om hierdie struikelblok te oorkom. Walsh (2003) beskou ook eerlike kommunikasie as ’n belangrike veerkragtigheidsbron in gesinne.

5.2.3.3 Openlikheid oor aanneming

Alle deelnemers het genoem dat dit vir hulle baie belangrik is om hul transrasaangenome kinders se aanneming openlik met hulle te bespreek. Hierdie ouers ag dit belangrik om reeds vanaf ’n jong ouderdom gesprekke met die aangenome kind rakende die aanneming te inisieer. Sewentien aanhalings is gebruik om hierdie kode te vorm, onder andere:

> My approach to adoption was that I just wanted to be very open with the children from the beginning. Even if some of the things were difficult for them to grasp, I would tell them from the beginning that they were adopted.

> One thing my social worker said to me is to talk about adoption from the beginning. And she also said something that made a lot of sense, namely that I had to use the word “adoption” a lot, like you would use “shoes”, “tea” and “coffee”, so there would be no emotional connection to the word such as when Mom uses that word she cries, or when she uses the word she is tense. So I say, “My sweet adopted baby. Mom is so glad she adopted you.” So, I use it a lot. So, she knows and we chat.

> Then I asked her whether she sometimes wonders whom she resembles and how the lady in whose stomach she was looked like. So she looked at me in a certain way, you know, as though she wanted to ask whether she could answer me or not, and then she said, “Yes, somewhat.” Then I said, “You know, I am also curious, but the social worker told me that she looked like me, so short and chubby. Not long legs like yours, which is very interesting. You know those long legs of yours may have come a long way. From the man or any other place.” Then I opened it up, “Do you

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

sometimes wonder about the lady?" Then she answered, "Ye-e-es, but we don't have to talk about it because I don't want to hurt you," she luckily said.

Walsh (2003) bevestig ook die belangrikheid van openlikheid oor aanneming ten einde positiewe identiteitsontwikkeling van die transrasaangenome kind te bewerkstellig. Juffer en Tieman (2009) het ook bevind dat dit belangrik is dat die aanneemouer aanneming oor die rassegrens openlik met die kind bespreek, aangesien die aanneming so duidelik sigbaar is. Attwell (2004) bevestig ook in haar studie die belangrikheid van openlikheid teenoor die aangenome kind rakende die transrasaanneming.

5.2.4 Sosiale kontak en kontak met die uitgebreide familie

Hierdie tema bestaan uit ses kodes wat deur 38 aanhalings gevorm is. Die deelnemers in hierdie studie het gevoel dat sosiale kontak met 'n breë spektrum mense van groot belang vir die transrasgesin is. Buitestaanders kan perspektief op die ouer in die transrasgesin se probleme werp en raad gee ten tyde van krisisse. Sosiale kontak verskaf ook insig aan die transrasaangenome kind met betrekking tot waar hy/sy in die samelewing inpas en dra dus by tot die ontwikkeling van sy/haar identiteit. Die uitgebreide familie speel 'n belangrike rol in ondersteuning, finansiële bydrae en as rolmodelle in die transrasgesin. Die kodes wat hierdie tema gevorm het, word vervolgens gerapporteer en bespreek.

5.2.4.1 Kontak deur die kind met ander transrasaangenome kinders

Al ses deelnemers aan hierdie studie het gevoel dat kontak met ander transrasaangenome kinders hul kinders help om krisisse te oorkom. Hierdie kode is deur agt aanhalings geskep, onder andere:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

So, I also take them to other mixed families so that they don't feel so alone. They are also in a mixed school and I try to do activities with them where there is a mixed culture. We attend a church with a very mixed culture. At school they are very mixed. Adopted, transracially adopted and a lot of different races. They are quite open-minded at school.

To me it is so important that these kids see other children with single mothers with transracially adopted children. It's important to me that he must have friends like himself, because at some stage the transracial adoption thing will become a problem. Then he will have these friends that he can talk to. This is amazing. And us as parents are all in the same situation.

My support group is very casual. It is more social. But what is a good thing is that I tell her we are now going out with moms who all have families which are like ours. Then it is, "Oh, yes, yes." All the brown kids, because we are all the same. And when we see a family in a shop, then I show her they are like us, just so she knows we are not alone – there are other people like us."

Kontak deur die transrasaangenome kind met ander kinders wat ook aangeneem is deur ouers van 'n ander ras as hulself, gee aan die aangenome kind die geleentheid om tyd deur te bring saam met kinders wat in dieselfde situasie as hulle is. Volgens die deelnemers in hierdie studie verskaf hierdie kontak aan hul kinders 'n gevoel van normaliteit wat hul eie gesinne betref. Daar kan aanvaar word dat die transrasaangenome kind soms emosies van "abnormaliteit" ervaar in 'n samelewing waar wit ouers met swart/bruin kinders nie die norm is nie (Rebello, 2004). Hierdie transrasaangenome kinders ondervind unieke lewensomstandighede en kontak met kinders in dieselfde unieke omstandighede bied volgens die deelnemers aan hul kinders die geleentheid om hul unieke probleme met dié kinders te kan deel.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

Rebello (2004) bevestig bogenoemde bevinding in haar studie waar sy noem dat kontak deur die adolessente transrasaangenome kind met vriende van dieselfde agtergrond en ras lei tot beter sielkundige en emosionele aanpassing asook ŉ sterker vermoë om uitdagings in die lewe die hoof te bied. Friedlander (1999) bevestig ook in haar studie die belang van kontak deur die kind met ander transrasaangenome kinders en het bevind dat hierdie kontak ŉ definitiewe positiewe bydrae lewer tot die ontwikkeling van die kind se selfbeeld. Gishen (1996) het ook bevind dat sosialisering met verskillende rasgroepe ŉ belangrike rol speel in die aanpassing van die transrasaangenome kind.

5.2.4.2 Kontak deur die ouer met ander transrasaanneemouers

Transrasaanneemouers word gekonfronteer met unieke probleme en vind dit baie ondersteunend om hul ervarings met ander ouers te deel wat in dieselfde situasie as hulle is. Agt aanhalings het die kode "kontak met ander transrasaanneemouers" gevorm, onder andere:

> I have three friends who have also adopted. I met them through this support group. I did not know them before and they kind of took the place of some of my older friends, because they understand the practicalities that I am going through. We see a lot of each other – every single weekend. Our kids get on very well.

> I definitely feel that contact has helped me with crises, things I did not know how to handle. It helped a friend of mine with a terrible crisis when her child wasn't allowed to attend a party. She put it forward to the group and everyone gave advice, but very good advice. In the end she obtained insight.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> I think the main help to cope was to speak to other people who adopted and to other single moms. That is very important, because even if I speak to my mom, and my mom and dad are very supportive, they have never been in a similar situation.
>
> And I have to say that two or three are now close friends, so we chat more. It helps now. Those friends are on the same route; they understand. But secondly, there are other people with children who help, just other single moms. Things like that help.

Die deelnemers aan hierdie studie het almal gevoel dat die ondersteuning wat hulle by ouers kry wat ook oor die rassegrens aangeneem het, vir hulle van groot waarde in krisissituasies is. Een van die deelnemers het gevoel dat hierdie ouers die enigste mense is wat werklik haar situasie ten volle kan verstaan en ook waardevolle raad uit hul eie ervarings kan gee. Vidal De Haymes en Simon (2003) het bevind dat deelnemers aan hul studie die raad wat ander transrasaanneemouers met hulle gedeel het meer insiggewend gevind het as die inligting wat deur die betrokke maatskaplike werkers aan hulle gegee is.

5.2.4.3 Kontak deur die aanneemouer met ander biologiese ouers

Twee deelnemers het gevoel dat dit hulle baie help om kontak met ouers wat hul eie, biologiese, kinders het, te hê, aangesien dit soms aan hul vertroosting verskaf om te besef dat biologiese ouers dikwels met dieselfde probleme as hulle gekonfronteer word. Vier aanhalings het hierdie kode gevorm, onder andere:

> Because it's a child, and I am not going to label her and say, "This is a transracial thing." It's not. It is a child. And often when I start talking to the parents I think, you know, it's just a kid.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> You know what, it's only because I do not have other children and never had a child that I sometimes think, "Is it because of the transracial thing, or is it because of the adoption?" Then when I talk to everybody, I think, actually it's just a kid. Making big issues about it, like any mother would, yes.

Deelnemers aan hierdie studie het soms gevoel dat alle krisisse in hul transrasgesin toegeskryf kan word aan die aanneming van 'n kind van 'n ander ras as hulself. Kontak deur die ouer met ander biologiese ouers het dan insig by die aanneemouer gebring dat die transrasaanneming nie die oorsaak van alle krisisse is nie, maar dat die krisis verband hou met die normale ontwikkelingsfase van die kind.

5.2.4.4 Sosiale aktiwiteite

Twee deelnemers het gevoel dat sosiale aktiwiteite hul gesinne help om krisisse te oorkom. Hierdie kode is deur drie aanhalings gevorm, onder andere:

> …doing things together with others. I, who am not a terribly social person, also try now. I have made a point to invite people so my child also knows that we are not an isolated group. There are people who come to our house, and so on. So, I think it is very important.

> I always want us to be a normal family. We do things together with other families. We sit down and have supper together.

Deelnemers het sosiale kontak beskryf as 'n normale, aanvaarbare aktiwiteit – die norm vir alle gesinne. Aangesien die transrasgesin soms as "buite die norm" in die Suid-Afrikaanse samelewing waargeneem word, verskaf sosiale kontak 'n gevoel van normaliteit aan die transrasgesin. McCubbin en McCubbin (1996) beskryf gemeenskapsbetrokkenheid as een van

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

die domeine waarin gesinsaanpassing tydens ’n krisis plaasvind, terwyl Walsh (2003) sosiale kontak as een van die sleutelprosesse van ’n veerkragtige gesin beskryf.

5.2.4.5 Kontak met vriende

Enkelouers wat kinders van ’n ander ras as hulself aangeneem het, toon ’n definitiewe behoefte aan kontak met hul vriende. Sodoende kry hulle die geleentheid om die lewe se vreugdes en hartseer met ander volwassenes te deel. Hierdie kode is deur vyf aanhalings gevorm Vyf deelnemers aan hierdie studie het hul vriende as belangrike hulpbronne aangedui om die uitdagings in hul lewens as enkelouers te oorkom, onder andere:

> I also talk to my friends a lot, in a very open way. I will even phone them and say my child is a monster, not pretending everything is perfect. But again, selecting to which friends I will open up like that. I have my group of friends that I can do that with.

> … but when I was alone, I phoned people. I spoke to my mom and she is always very supportive and also the other single moms I know – the people from the support group.

> You need your family and your friends. You need people with whom you can sometimes leave your child to go shopping, to go out sometimes.

In ’n studie deur Greeff en Van der Merwe (2004) word die belangrikheid van kontak met vriende deur die ouer en die kind in die enkelouergesin na ’n egskeiding as ’n belangrike veerkragtigheidsbron bevestig. Rebelo (2005) het weer bevind dat vriende ’n baie belangrike ondersteuningsrol speel in die gesin waar ’n kind van ’n ander ras as die ouer aangeneem is.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.4.6 Uitgebreide familie

Die hulp en ondersteuning van die uitgebreide familie is deur vyf van die deelnemers as baie belangrik in hul lewens beskryf. Emosionele ondersteuning, finansiële ondersteuning en praktiese ondersteuning deur die uitgebreide familie is as baie belangrike gesinshulpbronne deur hierdie transrasaanneemouers beskou. Hierdie kode bestaan uit 38 aanhalings, onder andere:

> On Tuesday afternoons my dad picks him up and he goes to him for the day and on Thursdays he goes to my mom for the afternoon. When he is with my dad, he has his cousins there. My dad has them all. He plays with his cousins every Tuesday afternoon.

> When I decided to adopt, I spoke to them and they were very shocked. My mom was very shocked. They were very worried. They worried about how I would cope and what people would say. But the moment I brought Sevinathi home they were very supportive all along. They helped me whenever I needed help.

> The first thing that comes to mind is having a supportive family, because without a supportive family, life is very difficult as a parent and more as a single parent and more as a transracially adoptive parent.

Die uitgebreide familie is een van die sterkste bronne vir ondersteuning in krisistye. Steinberg en Hall (2000) beklemtoon ook die belangrike ondersteuningsrol wat die uitgebreide familie speel. Attwell (2004) beklemtoon ook in haar studie die belangrikheid van die ondersteuning van die uitgebreide familie met spesifieke verwysing na die gesin waar ’n kind van ’n ander ras as die ouer aangeneem is. Caminsky (2006) het in haar studie bevind dat indien die uitgebreide familie van die aanneemma betrek word by die aannemingsproses, die

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

aanneemma nie konflik in haarself ervaar met betrekking tot waardes en norme wat in haar kinderjare gevorm is nie.

5.2.5 Benutting van eksterne hulpbronne

Die deelnemers aan hierdie studie het die benutting van eksterne hulpbronne tydens krisistye beklemtoon. Eksterne hulpbronne is hulpbronne buite die gesinsverband en dui gewoonlik op hulpbronne van ’n professionele aard, waar ’n diens aan die enkelouertransrasgesin gebied word. Finansiële hulp, kontak met onderwysers, ondersteuningsgroepe, professionele hulp en sosiale netwerke is eksterne hulpbronne wat die deelnemers in hierdie studie gevoel het hulle help om krisisse te oorkom en persoonlik te groei deur ’n krisissituasie. Die vyf eksterne hulpbronne wat as kodes in hierdie tema geïdentifiseer is, word vervolgens gerapporteer en bespreek.

5.2.5.1 Finansiële hulp

Twee deelnemers het finansiële hulp gesien as ’n belangrike hulpbron om krisisse te oorkom. Vyf aanhalings het hierdie kode gevorm, onder andere:

> What I did not expect to need, and which was a huge need, was financial support from my family. I thought I could do it all on my own and then I couldn’t. My dad sensed it and then really helped several times. A single parent has a single income and particularly if that parent is not working a full-time job. So my dad pays the school fees, he gave us this house and he gives very generously on the grandchildren’s birthdays. So that’s huge support.

> My car was repossessed, so a friend of mine with quite a bit of money bought a car for me. I pay her back every month. If it wasn’t for people like her, I would not survive, definitely.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> There is no financial help. I know I can go to my parents for emergencies, but not on a day-to-day basis. You must come by with your money.

Richards en Schmiege (1993) beskou finansiële druk as een van die grootste uitdagings vir die enkelouergesin. Die teenwoordigheid van slegs een inkomstebron plaas geweldige druk op die ouer in die enkelouergesin, soos in die aanhalings hierbo gesien kan word. Dit is aangesien die enkelouer gewoonlik alleen verantwoordelik is vir die emosionele en fisiese versorging van sy/haar kind(ers). Hierdie verantwoordelikhede kan druk op die werksomgewing van die enkelouer plaas, wat ’n negatiewe uitwerking op sy/haar finansiële inkomste kan hê. Walsh (2003) beskryf finansiële stabiliteit as ’n belangrike bron vir die veerkragtige gesin. Greeff en Van der Merwe (2004) het ook bevind dat finansiële hulp van groot belang is in die enkelouergesin. Al ses die deelnemers in hierdie studie is vanuit ’n bogemiddelde inkomstegroep, maar daar kan wel verwag word dat enkelouerskap finansiële druk in die gesin tot gevolg kan hê, soos deur die aanhalings bevestig is. Een van die deelnemers het haar pa, wat finansieel daartoe in staat is, se bereidwilligheid om haar finansieel by te staan, as ’n belangrike hulpmiddel in haar lewe beskryf.

5.2.5.2 Kontak met onderwysers

Kontak met die onderwysers wat betrokke is by die aangenome kind se opvoeding word ook as ’n belangrike hulpbron in krisissituasies gesien. Twee aanhalings het hierdie kode gevorm, naamlik:

> The other thing I also did, was I talked to every new teacher she had and told her exactly what I expected. These are the words I used: “I don’t talk about a tummy mommy.”, “This is the story I told.”, “So if it ever comes to the story of who is your mom and who is your dad, this is the story I told.” This is how I wanted them to talk about it. Both of them thanked me that I did.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> In professional help I have also spoken to teachers at times. When I need help or guidance, I speak to them and what I usually get is reassurance, which is very helpful. Good for my confidence and every time I speak to them it feels as if I am having the most impossible time and then they will say to me don't worry, every other parent of a four-year-old boy has an impossible time. That really helps, just that reassurance. You don't know these things because you've never had a child before.

Dit is vir aanneemouers belangrik dat hul kinders se onderwysers bewus moet wees van die kind se aanneemsituasie en hoe die ouer die situasie tuis hanteer. Twee ouers het genoem dat kontak met hul kind se onderwyser vir hulle belangrik is in die hantering van die transrasaangenome gesin. Een deelnemer het ook haar kind se onderwyser as 'n belangrike raadgewer beskryf. Geen literatuur kon opgespoor word wat dui op die rol wat die onderwyser in die gesinslewe van die transrasaangenome gesin kan speel nie.

5.2.5.3 Ondersteuningsgroepe

Al ses deelnemers het gevoel dat ondersteuningsgroepe vir gesinne waar 'n kind van 'n ander ras as die ouer aangeneem is, 'n belangrike rol speel om uitdagings in die transrasgesin te oorkom. Dié ouers wat kinders van 'n ander ras as hulself aangeneem het, beskou dit as ondersteunend om tyd deur te bring saam met ander ouers wat in dieselfde situasie verkeer. Die deelnemers het die ondersteuningsgroep ook voordelig gevind, aangesien hul transrasaangenome kinders ook tydens samekomste tyd kon deurbring saam met ander kinders in dieselfde huishoudelike opset. Die deelnemers het ook die ondersteuningsgroep as 'n bron van inligting beskryf. Hierdie kode is deur 11 aanhalings gevorm, onder andere:

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

> I am also involved with some of the support groups and the single-mom support groups and I have made two or three friends and we will buzz each other now and then and will say, "Uuuh, it is going mad."
>
> I attend every group, every support, everything that I possibly can. So every time there is a group or a workshop of anything, I will join.
>
> She got professional people in to talk to us. Her groups were very helpful, with tips and stuff.
>
> What also helps to cope a lot, is to do things with the support group.
>
> Yes, and it is only cross culturally. Only moms who've adopted cross culturally. It's about everything – How do I deal with my child's hair? How do I deal with her skin?
>
> My parents are in their eighties already. So, it will be along the lines of the support group, to shown how those parents coped and dealt with children who wanted to rebel.

Bird, Peterson en Miller (2002) bevestig in hul navorsing die belangrike rol wat die ondersteuningsgroep speel in die lewe van die ouer wat 'n kind van 'n ander ras as sy/haarself aangeneem het. Die ondersteuningsgroep bied aan die aanneemouer die geleentheid om probleme wat uniek is aan transrasaanneming met ervare ouers te bespreek. Vonk en Massatti (2008) het bevind dat om deel te vorm van 'n ondersteuningsgroep, 'n positiewe effek op die transrasaanneemouer se interkulturele vaardighede het. Hierdie ouers is dus beter toegerus om hul kind(ers) te ondersteun en te versorg. Gishen (1996) beveel ook aan dat aannemingsagentskappe transrasaanneemouers moet motiveer om by ondersteuningsgroepe aan te sluit.

Stellenbosch University http://scholar.sun.ac.za

5.2.5.4 Professionele hulp

Al die deelnemers het bevestig dat professionele hulp belangrik is in die oorkoming van krisisse. Hierdie kode is deur 13 aanhalings gevorm, onder andere:

> Look, I have indeed gone to see an educational psychologist when we reached a crisis that I could not handle.
>
> I just reached a point where I felt that someone had to help us a little. And Sophia herself will also say, "Mom, can't we get someone to help me?"
>
> I believe in professional help. It helps one to gain insight. You know, I am looking for assistance. I am not perfect in any of this. I am a new mom, so I have to attend.
>
> I also once phoned Lifeline, just to get that professional help. I take professional help when I need it. There's no judgement there. If you speak to a family member, always, as much as they love you, they can't be that objective. Sometimes family members are the right people to talk to, but many times it is better to talk to people who do not know you.
>
